ALUMNI-INTERAKSIE
KALENDER



ALUMNI
UNIVERSITEIT
IYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918·2018

2021

matiesconnect.com

Kom terug na Matieland

2020

Welcome
to
Heemstede

MATIES
RUGBY

INHOUDSOPGAWE

6 Voorwoord

8 Tydlyn

11 Kontak die Kantoor vir Alumnibetrekkinge

12 Die Stal

14 Tuiskoms 2021: Alumninaweek

18 Hubs vir Maties

28 SWAN

30 Jong Alumninetwerk

32 Gradeplegtighede en Konvokasie

34 Fakulteite

48 Openbare lesings

50 PSO's en Koshuise

56 Op 'n hoë noot

57 Woordfees

58 Sport

66 Maties-wynklub

70 Eweknie-fondswerwing

74 Loopbaankafee

75 Hoe Om Te Gee

76 HK-Kontakbesonderhede 2021

77 Tot jou diens

Wat 'n jaar was 2020 nie! Waar jy jou ook al in die wye wêreld bevind, vertrou ek dat jy volstoom aan die gang is en uitsien na 'n beter jaar wat voorlê.

Soos jy sal onthou, het die kantoor vir Alumnibetrekkinge 'n hele jaar se gebeure en geleenthede gereël waarvolgens alumni in 2020 met mekaar en met hul alma mater kon skakel – maar toe slaan die koronaviruspandemie met mening toe, draai die wêreld onderstebo, en bring 'n einde aan al daardie noukeurig bereide planne.

Hoe dit ook al sy – en getrou aan die Matie-gees – kon ons daarin slaag om op koers te bly. Selfs nie die feit dat ons al ons persoonlike geleenthede weens die COVID-19-inperkingstyd en reisbeperkings oor die wêreld heen moes kanselleer nie, kon verhinder dat ons kontak met jou behou nie. Ons het 'n ommekeer gemaak en ons alumni in die virtuele wêreld gaan opsoek – dit alles in 'n poging om met hulle in verbinding te bly, hul loopbane te verryk en met hulle as vrywilligers, advokate en ambassadeurs van die Universiteit Stellenbosch in gesprek te tree.

Soos die spreekwoord lui: Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg!

Ek is deeglik bewus daarvan dat ons nog 'n lang pad het om te stap, aangesien daar steeds verskeie onsekerhede rondom die pandemie bestaan. Met die oog op die toekoms bied ons jou egter 'n volledige kalender van alumni-betrokkenheidsaktiwiteite aan om na uit te sien in 2021. Daar is **netwerkgeleenthede, gaslesings, paneelbesprekings, sosiale byeenkomste** en vele geleenthede vir jou om **betrokke te raak, verbind te bly** en 'n **positiewe verskil te maak.**

Deurdat ons nou bewys het dat afstand geen hindernis is nie, vertrou ons om jou by 'n geleentheid of twee, selfs drie, te sien – hetsy persoonlik of aanlyn.

As 2020 ons iets geleer het, is dit die belang daarvan om ons verbintenisse te handhaaf, veral wanneer ons sosiaal geïsoleer is. Ek doen 'n beroep op jou om na jou Matie-gesin uit te reik – daardie vertroude omgee-gemeenskap – maak nie saak waarheen die lewensreis jou uiteindelik neem nie.

Ek wens jou alle sukses toe vir die toekoms. Wees asseblief versigtig en bly veilig.

Altyd 'n Matie, always a Matie, njalo yiMatie.

Prof Wim de Villiers
Rektor en Visekanselier

Die geheel van die Universiteit Stellenbosch is veel groter as die som van die dele: Victoriastraat; die Rooiplein (of soms Red Square); die Bib; Coetzenburg; Die Laan; die Neelsie; Tygerberg; die koshuise; Luister, Leef en Leer; die hoog aangeskrewe fakulteite; 'n bekroonde koor – ek kan aanhou en aanhou.

Die Universiteit Stellenbosch is jy – nes die meer as 200 000 ander alumni oor die wêreld heen wat aan Matieland verbind is op maniere net so uiteenlopend soos julle.

Met hierdie 2021-kalender nooi ek jou om jou persoonlike bande met die Universiteit te verken terwyl jy ander waardevolle Matie-verbintenisse ondersoek.

In die kalender sal jy opmerk dat Maties oor die land, die kontinent, en die wêreld heen gemeenskappe vorm – want daar is gedurig iets aan die gang, daar is altyd **die een of ander program** aan die gebeur. Hierdie programme skep unieke ervarings deur verbintenisse uit te wys, Maties bymekaar te bring, en die verreikende invloed van jou alma mater te beklemtoon.

Waarom sluit jy nie ook by een van die **nasionale** of **internasionale hubs** aan nie? Dit sal jou in staat stel om met ander Maties te netwerk, betrokke te raak, jou tyd of jou talent beskikbaar te stel, en idees te verken.

Die US Alumni het 'n vrywilligersnetwerk van **alumnihubs in 22 sentrums die wêreld** deur geskep – en dit groei steeds. Deur middel van hierdie hubs word daar jaarliks verskeie sosiale geleenthede en opvoedkundige programme plaaslik en aanlyn aangebied. Daar is iets vir almal!

Alumni keer om verskillende redes na Stellenbosch terug. Sommige klim op 'n bus om saam met vriende vir ons jaarlikse **Tuiskomsvieringe** bymekaar te kom; terwyl ander die oseaan vir hul **koshuisreünie** oorsteek. Sommige arriveer op ons **Opedag** saam met hul tienerkinders wat daaraan dink om die Universiteit Stellenbosch by te woon, en ander **keer virtueel terug** om die biblioteek te gebruik of aanlyn na lewendige, gedagteprikkelende praatjies te luister.

Wanneer jy dan wel terugkeer, nooi ons jou om 'n toer deur die kampus te onderneem en te kyk wat nuut is en wat dieselfde gebly het. Begin by die nuwe **Alumniverwelkomingsentrum by Die Stal**, besoek die Neelsie, stap deur die Botaniese Tuin of kom loer in by jou gunsteling prof in die laboratorium. Jy kan enige tyd terugkom – die Universiteit Stellenbosch is hier vir jou.

In 2020 het ons die **SWAN-netwerk** en die **Jong Alumninetwerk van die Universiteit Stellenbosch** geloods. Lees gerus meer oor hierdie nuwe en opwindende programme in die kalender.
Ondanks COVID-19 het ons 'n ruim verskeidenheid gesprekke en byeenkomste aangebied, opnames onder spesiale belangegroepe gedoen, na konserte geluister, en virtuele kunstoere onderneem.

Kom ons kyk wat 2021 inhou.

Karen Bruns,
Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge

NS Saam vorentoe – maar natuurlik op 'n veilige sosiale afstand.

2021 ANKER AKTIWITEITE

hallo

VERWELKOMINGS-TYDPERK
Verwelkoming 15 Maart

GRADEPLEGTIGHEDE
29 Maart - 1 April

Nuusbriewe
April/Mei

Januarie | Februarie | Maart | April | Mei | Junie

Varsitybeker
8 Maart
1ste Wedstryd

Varsitybeker
FINAAL

Kaapstad-fietstoer
Uitgestel

Comrades-marathon
13 Junie

Alumniklub
bekendstelling by **Die Stal**

ALUMNI TUISKOMS 2021

TUISKOMSNAWEEK
Donderdag 23 September tot Saterdag 25 September

GRADEPLEGTIGHEDE
13 - 18 Des

Toyota US Woordfees
17 - 24 Sept

Nuusbriewe
Okt/Nov

Julie | Augustus | September | Oktober | November | Desember

Wêreld-koorspele in Vlaandere, België
2 - 12 Julie

Dagbreek reünie:
6 - 8 Aug

Londen-na-Brighton-fietsrit
19 Sept

Sanlam Kaapstad-marathon
17 Okt

Absa Cape Epic
17 - 24 Okt

947 Ride Joburg
14 Nov en 21 Nov

Konvokasie Jaarvergadering

Helderberg 75ste bestaansjaar: 23 - 26 Sept
Eendrag 60ste bestaansjaar: 24 Sept
Heemstede 55ste bestaansjaar: 24 Sept
Nemesia 45ste bestaansjaar 24 Sept
Metanoia 15de bestaansjaar: 24 Sept

SIEN ALLE GELEENTHEIDSINLIGTING AANLYN BY
matiesconnect.com

ALTYD 'N | ALWAYS A | NJALO YI

MATIE



ALUMNI

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918·2018

Die Alumnikantoor is jou lewenslange skakel met jou alma mater. Daar is vele maniere om in kontak te bly.

VOLG ONS OP SOSIALE MEDIA

Stellenbosch Alumni

@MatiesAlumni

@SU_Alumni

Stellenbosch University

StellenboschUni

SLUIT AAN BY MATIES CONNECT

Word deel van ons wêreldwye netwerk. Registreer in minder as twee minute deur jou bestaande LinkedIn- of Facebook-profiel of e-posrekening te gebruik.

www.matiesconnect.com

VIND ONS OP DIE WEB

www.matiesalumni.com
www.sun.ac.za/afrikaans/alumni

Maties, ons berei voor om jou in 2021 by ons splinternuwe Alumniverwelkomingsentrum in Die Stal – jou tuiste weg van die huis – te verwelkom.

"Die COVID-19-pandemie het dalk die opknappingswerk vroeg in 2020 op die lange baan geskuif, maar namate Suid-Afrika se inperkingstaat opgehef word, is die werk weer op dreef en die eindstreep in sig," sê Shaun Stuart, Bestuurder: Donateur en Alumnibetrokkenheid, aan die Universiteit Stellenbosch.

Ná voltooiing sal die Alumniverwelkomingsentrum die eerste aansluitingspunt wees vir alle alumni wanneer hulle na die kampus toe terugkeer. Jy kan 'n verwelkomende omgewing verwag wat as 'n poort na die alumninetwerk dien en wat verhoudinge aanmoedig. Inligting en informatiewe hulpbronne sal beskikbaar wees, handelsware en memorabilia sal in ons winkel verkoop word, en kampustoere sal vandaar begin en daar eindig.

"Ons beplan om 'n verskeidenheid sosiale en netwerkgeleenthede aan te bied. Dit kan boekbekendstellings, gaslesings, klein reünies, groot geleenthede soos Tuiskoms, koshuissport, die Varsitybeker, gradeplegtighede en Verwelkomingsdag wees," sê Karen Bruns, Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge aan die Universiteit.

"Dit sal 'n plek wees waar die oue en die nuwe bymekaar kom, waar innovasie en erfenis ontmoet, en waar gemeensaamheid en verhoudinge sinoniem word. Ons kan nie wag om hierdie ikoniese fasiliteit te voltooi waar jy jou Matiewees kan kom vier nie."

Dis om die draai...
Jou tuiste weg
van die huis

ALUMNI
UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
WELKOM BY DIE
WÊRELDWYE
MATIE
GEMEENSKAP
www.matiesalumni.com

ALUMNI

TUISKOMS

2021

Jy het 'n gouesirkelkaartjie vir Tuiskoms 2021

Donderdag 23 September tot Saterdag 25 September 2021

Stel jou voor: "Dis lente in die Boland," soos die liedjie gaan; sêrgroepe sing vir jou; jy kuier saam met vriende wat jy lanklaas gesien het; studente haal hulle talent op die sportveld uit, sakeleiers deel hulle kundigheid om jou loopbaan 'n hupstoot te gee; en die luggie dra die heerlike geur van braaivleis ...

Dis reg, ons is besig om ratte te verwissel vir 2021. Ons jaarlikse Maties Alumni Tuiskoms-en-Familienaweek het 'n nuwe datum, en natuurlik is jy onder die genooides.

Van Donderdag 23 September tot Saterdag 25 September 2021 gooi ons die maroen tapyt oop, en jy het 'n gouesirkelkaartjie om 'n verskeidenheid spesiaal uitgewerkte geleenthede by jou alma mater te kom geniet.

Kry jou vriende bymekaar, bring jou gesin en wees deel van 'n opwindende drie dae waarin jy herinneringe kan oproep, bande kan verstewig en jou wonderlike studentedae kan herleef.

Donderdag 23 September

Dagprogram

Ons het die dagprogram vir Donderdag 23 September behoorlik gelaai. Ons begin die dag met 'n **sakemiddagete en loopbaannetwerkgeleentheid**. Hou jou nuusbriewe dop – ons het inspirerende leiers uitgenooi om hulle kundigheid te kom deel.

Vir die sportentoesiaste beplan ons 'n hele rits **sportbedrywighede** waarin koshuise mekaar op die sportveld gaan pak. Kies jou span en kom wys waar jou ondersteuning lê.

As 'n ekstraspesiale heerlikheid stook ons die saamwees met **Maties Pik-'n-Wyntjie** – 'n ervaring met 'n wynproe en bypassende geregte by ons Alumniklub by Die Stal. Dit is jou kans om met 'n groep wynmaker-alumni te gesels en van die beste wyne wat beskikbaar is, te proe. Dis die ideale okkasie om jou wynkennis te slyp of jou fynproewerpalet met ander te deel.

Dan steek ons die braaivleisvure vir 'n **Maties-vleisbraai onder die eikebome by Die Stal** aan. Ons praat van primabiefstuk en boerewors wat op die roosters sis, musiek op die agtergrond en 'n wavrag Matie-gees. Kom #BraaiSoos'nMatie!

Vrydag 24 September

Dekadereünies

Op Vrydag 24 September kuier ons voort – met die dekadereünies. As jy in 1971, 1981, 1991, 2001 of 2011 'n eerstejaar-Matie was, hou jou e-posbus dop vir jou persoonlike uitnodiging na hierdie bymekaarkomgeleenthede. Dit sluit 'n toer van jou koshuis en die kampus in. Kom kyk self hoeveel het dinge verander en hoeveel is nog net dieselfde.

Verskeie sêrgroepe en ons bekroonde **Universiteit Stellenbosch Koor** sal sorg dat hulle op die regte golflengte is wanneer hulle vir jou kom sing. Pop, rock, klassiek – wat ook al jou voorkeur is, ons het die musiek vir jou ore. Dit gaan 'n geleentheid wees wat jy nie wil misloop nie.

Daar word ook allerhande koshuisspesifieke bedrywighede vir die Tuiskomstyd beplan. Dit sluit onder meer die viering van **Eendrag se 60ste bestaansjaar, Metanoia se 15de bestaansjaar** en **Heemstede se 55ste bestaansjaar** in, en **Helderberg hou hulle 75ste reünie**. Jou koshuis sal jou op hoogte hou.

Ons benodig twee vrywilligers per koshuis om ons te help om jou eerstejaargroep te aktiveer. Stuur jou naam aan Ferdi van Dyk by dfvandyk@sun.ac.za indien jy bereid is om te help om hierdie reünie 'n groot sukses te maak.

Saterdag 25 September

Kom beweeg saam!

Saterdag 25 September kry jy kans om spiere los te maak terwyl jy die asemrowende Stellenbosch-omgewing indrink. Ons beplan **draf- en fietsry-aktiwiteite** by Coetzenburg. En natuurlik is jou gesin en troeteldiere welkom! Vir die rugbyaanhangers reël ons 'n wedstryd tussen die Universiteit van Kaapstad en Maties by die Danie Craven-stadion. Wat meer is daar in die ou lewe?

En dit was maar 'n swiep van die kollig oor 'n paar van ons opwindende planne, net om jou lekker lus te maak. Besoek ons gerus by **www.matiesalumni.com** om meer inligting te kry en jou plek in die goue sirkel te bespreek. Jy kan die Universiteit Stellenbosch op die verskillende sosialemedia-platforms soos Facebook, Instagram en Twitter volg vir gereelde nuus oor nog wonderlike okkasies en die jongste besonderhede oor alles waarmee ons doenig is.

Facebook **Instagram** **Twitter**

< Kyk die 2020 Tuiskomsvideo hier.

ALUMNI

HOMECOMING WEEKEND
TUISKOMSNAWEEK

2021
STELLENBOSCH

ALUMNI
UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY
100
1918·2018

Internasionaal en Nasionaal

HUBS

Ons Maties vorm gemeenskappe regoor die land, die vasteland, die wêreld – daar is altyd iets aan die gang. Sluit aan by een van die nasionale of internasionale hubs sodat jy met ander Maties kan netwerk, betrokke kan raak, jou tyd of talent kan aanbied en idees kan uitruil.

Let daarop dat die aangeduide datums voorlopig is as gevolg van die dinamiese aard van die universiteitsprogram in die lig van die COVID-19-pandemie. Skakel gerus in met die verskillende hub-koördineerders in elke streek. Ons wil ook aanlyn virtuele geleenthede as deel van die groter aktiwiteitsprogram aanbied. Hou dus kontak en volg ons sosialemedia-platforms vir die nuutste inligting.

Darryn Havenga
Direkteur van Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge: Verenigde Koninkryk en Ierland

Verenigde Koninkryk en Ierland

Ons VK- en Ierland-hubs het 'n reeks aktiwiteite vir 2021 beplan.

> Kyk uit vir ons nuusbriewe wat meer inligting oor al die komende geleenthede sal bevat, en besoek www.matiesalumni.com. Jy kan ook kontak met Darryn Havenga maak by darrynh@sun.ac.za of +44 7555 160631.

Teken hierdie datums aan

Donderdag 11 Maart – Cambridge Maties aanlyn netwerkgeleentheid.
Dinsdag 16 Maart – Maties in Skotland aanlyn netwerkgeleentheid.
Donderdag 18 Maart – Maties in Wallis aanlyn netwerkgeleentheid.
Dinsdag 11 Mei – Londen Maties aanlyn netwerkgeleentheid #1.
Donderdag 13 Mei – Maties in die Suide (Engeland) aanlyn netwerkgeleentheid.
Dinsdag 18 Mei – Londen Maties aanlyn netwerkgeleentheid #2.
Donderdag 20 Mei – Maties in die Noorde (Engeland) aanlyn netwerkgeleentheid.
Vrydag 25 Junie – Maties-wynklub (Wynplaas sal bevestig word).
Sondag 19 September – Londen-na-Brighton-fietsrit saam met ons Kanselier Edwin Cameron en prof Wim de Villiers.
Dinsdag 21 September – Tuiskoms in Londen.
Donderdag 23 September – Tuiskoms in Dublin.
Saterdag 25 September – Kom braai saam – Erfenisdagvieringe insluitend SWAN-ontbyt en Gholfdag.
Vrydag 29 Oktober – Maties-wynklub (Wynplaas sal bevestig word).

Alison April
Direkteur van Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge: Europa

Europa

Ons hubs in Europa het 'n reeks aktiwiteite vir 2021 beplan. Dit sluit lesings, paneelbesprekings, professionele netwerkgeleenthede, fondsinsamelings en sosiale byeenkomste in.

> Kyk uit vir ons nuusbriewe wat meer inligting oor al die komende geleenthede sal bevat, en besoek www.matiesalumni.com. Jy kan ook kontak met Alison April maak by alisonapril@sun.ac.za of +32 494 33 57 95.

Vir jou dagboek

Vrydag 5 Februarie – Maties-wynklub in Duitsland.
Woensdag 10 Februarie en Donderdag 11 Februarie – Aanlyn ontmoeting in Finland.
Maandag 15 Februarie en Dinsdag 16 Februarie – Aanlyn ontmoeting in Denemarke.
Woensdag 17 Februarie en Donderdag 18 Februarie – Aanlyn ontmoeting in Noorweë.
Dinsdag 23 Februarie – Aanlyn netwerkgeleentheid.
Maart – België en Nederland (Internasionale Vrouedag).
April – Frankryk
May – Duitsland
June – Swede en Switserland
July – België (US-koor by die Internasionale Koorspele).
September – Ons vier Tuiskoms in Europa.
Oktober – Duitsland
November – Luxemburg and Nederland.
Desember – België

Aldo Kriel
Hongkong hub-koördineerder

> Jy kan met Aldo by aldokriel@gmail.com in verbinding tree vir meer inligting oor die Hongkong-hub, hoe om 'n vrywilliger te word of 'n Hongkong-byeenkoms by te woon.

Hongkong

Wil jy 'n vrywilliger by ons Alumnihub-komitee in Hongkong wees? Dis groot pret en bied jou die geleentheid om kontak met mede-alumni te maak, met verskeie geleenthede vir netwerk- en professionele ontwikkeling te help en direk in kontak met jou alma mater te bly.

As jy in 2021 in Hongkong gebaseer is of na Hongkong verplaas word, kan jy deel van hierdie netwerk word deur in verbinding met ons jarelange Hongkong hub-koördineerder, Aldo Kriel, te tree. Aldo sal jou graag help om mede-Maties en vriende van die US te ontmoet. Onthou dus om by Maties se Hongkong-groep op www.matiesconnect.com aan te sluit en só op hoogte van alle komende aktiwiteite te bly.

Nadat hy sy Ingenieurswesegraad in Industriële Ontwerp aan die US in 2002 voltooi het, het Aldo meer as 18 jaar se ervaring in die bestuur van wêreldwye transformasieprogramme in die digitale en finansiële industrie, opgedoen. Hy is boonop 'n groot rugbyentoesias en sien daarna uit om verder met Maties in Hongkong te skakel – kontak hom sommer vandag!

Steven Rosendorff
Kanada hub-koördineerder

Kanada

Maties wat in Kanada woon, wees op die uitkyk vir ons in 2021! Weens die wêreldwye inperkingstyd as gevolg van die COVID-19-pandemie, kon ons jou ongelukkig nie in 2020 besoek soos ons beplan het nie.

Ons rektor en visekanselier, prof Wim de Villiers, reis in 2021 na Kanada om einde Augustus 2021 aan die Wêreld-Akademiese Beraad in Toronto deel te neem. Daarna sal hy alumni regoor Kanada besoek. Ons sien uit daarna om weer met soveel as moontlik van julle kontak te maak tydens hierdie besoek.

Sondag 5 September – Dinsdag 14 September

Teken hierdie datums aan

Besonderhede sal vroeg in 2021 gefinaliseer word – hou dus 'n ogie hieroor! Jy kan ook op die hoogte van die reisprogram vir Kanada in 2021 bly via ons Maties in Kanada-groep by MatiesConnect. Besoek gevolglik: www.matiesconnect.com.

> Jy kan intussen kontak met ons Kanada hub-koördineerder, Steven Rosendorff by capiecanuck@shaw.ca maak of +1 403 969 2215 te skakel vir meer inligting en om te bespreek hoe jy 'n Maties Alumnihub in jou dorp, stad of provinsie op die been kan bring.

Noord-Amerika

Met meer as 3 750 Maties wat tans in die VSA woonagtig is, is ons alumni van hier 'n belangrike deel van ons wêreldwye gemeenskap. Oor die afgelope vier jaar het ons hubs in New York, Boston, Los Angeles, San Francisco en in Denver (Colorado) gevestig.

Ons is voorwaar trots op die hegte verhoudings wat ons met baie van ons Amerikaanse alumni gevorm het. Vir jare reeds het ons gaslesings, gesellighede, professionele netwerkseminare, skemerkelkie-aande en selfs braais ('BBQs/Cookouts') aangebied waar die Matie-gees volstoom was! Ons hoor graag van jou – dus, kontak ons vandag as jy in die VSA gevestig is.

Onthou om by Maties Connect aan te sluit om op die hoogte te bly van al ons gebeure en aktiwiteite wat regoor die wêreld plaasvind. Ons wil ook graag aanlyn geleenthede vir ons Maties in die VSA in 2021 aanbied, buite en behalwe geleenthede wat in persoon plaasvind. Hou dus ons digitale kanale vir verdere inligting dop.

Hou 'n ogie oor ons nuusbriewe en as jy addisionele hulp benodig, kontak ons gerus by alumni@sun.ac.za of skakel met ons huidige hub-koördineerders.

Vir jou dagboek

Februarie – Netwerk met ons rektor en visekanselier

November – Skenkingsdag (*Giving Tuesday*)

Ontmoet ons VSA hub-koördineerders

Suid-Kalifornië
Nicolaas-John van Nieuwenhuysen,
vannieuwenhuysen@msn.com

New York
Nick Smit,
Nick.Smit@ingbank.com

Boston
Francisca Pretorius,
francisca.pretorius@gmail.com

Denver Colorado
Ross Blount,
rossblount@gmail.com

Namibië

Ons is verheug oor die meer as 5 800 Maties in Namibië – dis ons grootste enkele groep van internasionale alumni. Ons sien daarna uit om ons betrokkenheid met jou in 2021 te versterk. Onthou om by ons Maties in Namibië-groep aan te sluit by www.matiesconnect.com.

Vir jou dagboek

Maart – Netwerk met mede-Maties
September – Netwerk met mede-Maties

Therisia Titus,
Namibië hub-koördineerder

> Vir meer inligting oor die Namibië-hub, hoe om 'n vrywilliger te word of 'n geleentheid in Namibië by te woon, kontak Therisia Titus by alumni@sun.ac.za.

Ons loods vyf nuwe hubs in 2021

Die Universiteit Stellenbosch het ongeveer 90 000 alumni wat in die Wes-Kaap woonagtig is, en ons wil graag dinamiese netwerke in sewe geïdentifiseerde streke ontwikkel, naamlik die **Overberg**, die **Breëriviervallei**, die **Tuinroete**, die **Stad Kaapstad,** die **Wynland** en die **Weskus**.

Ons het hierdie projek afgeskop met die stigting van die Breëriviervallei Alumnihub aan die einde van 2020. Die bekendstelling van die Breëriviervallei Alumnihub was 'n reuse sukses en die hub het reeds 'n program vir 2021 saamgestel met 'n dinamiese vrywilligerskomitee aan die stuur in hierdie omgewing.

Ons volgende skuif is die bekendstelling van die Overberg Alumnihub, vroeg in 2021. Die ander hubs sal later in 2021 volg.

> As jy betrokke wil raak, kontak vir Ferdi van Dyk by dfvandyk@sun.ac.za.

FOTO: Kayise Mabija

Gauteng

Ons het 'n toegewyde komitee van alumni wat poog om alle Maties in hierdie streek gereeld bymekaar te bring. Dit sluit sosiale byeenkomste, gaslesings, netwerkgeleenthede en fondsinsamelings in. Die voorsitter van die hub is Nadine Moodie, 'n voormalige studenteleier.

> Kontak Nadine Moodie by alumni@sun.ac.za vir meer inligting, hoe om 'n vrywilliger te word of 'n geleentheid in die streek by te woon. Alternatiewelik, besoek www.matiesalumni.com.

Nadine Moodie,
Gauteng hub-koördineerder

Vir jou dagboek

Maart – Wynproe saam met ons alumni-wynmakers.
Augustus – SWAN geleentheid.
November – Netwerk met ons rektor en visekanselier, prof Wim de Villiers.

KwaZulu-Natal

Ons het 'n toegewyde komitee van alumni wat daarop gemik is om alle Maties in die streek gereeld bymekaar te bring. Dit sluit sosiale byeenkomste, gaslesings, netwerkgeleenthede en fondsinsamelings in. Die voorsitter van hierdie hub is dr Xolani Nocanda.

> Kontak Xolani Nocanda by alumni@sun.ac.za vir meer inligting oor die KZN-hub, hoe om 'n vrywilliger te word of 'n geleentheid in die streek by te woon. Alternatiewelik, besoek www.matiesalumni.com.

Dr Xolani Nocanda,
Durban hub-koördineerder

Vir jou dagboek

Junie – Neem saam met ons aan die Comrades deel en samel geld vir behoeftige studente in.

Tarina Nel
Breëriviervallei hub-koördineerder

> Jy kan vir Tarina Nel by alumni@sun.ac.za kontak vir meer inligting oor hierdie hub, as jy met een van die komiteelede in aanraking wil kom, idees wil deel of as 'n komiteelid wil dien.

Breëriviervallei

Nie te ver van ons alma mater geleë nie, vind jy die Breëriviervallei Alumnihub wat in Oktober 2020 op die been gebring is. Gewillige alumni het die waarde en potensiaal gesien om Maties vanaf Tulbagh tot McGregor bymekaar te bring. Ons is bewus dat hierdie skilderagtige vallei die tuiste van talle Maties is wat in verskeie industrieë met uiteenlopende belangstellings en ambisies werskaf. Ons glo dat samewerking 'n katalisator tot stand sal laat kom sodat die res van die Maties betrokke kan raak en die getalle kan vermeerder. Hierdie hub is daarop gemik om vier geleenthede per jaar te organiseer asook ander inisiatiewe en idees te help fasiliteer waar Maties samewerkingsgeleenthede ontdek en herontdek. Dit kan sosiale onthale, gaslesings, netwerkgeleenthede en fondsinsamelings insluit.

Sportbyeenkomste, byvoorbeeld gholfdae, 'n besigheidsliga vir rolbal, bergfietsry en wedlope, is ook op die prioriteitslys – uitstekende geleenthede wat sal getuig hoe alumni vanuit hierdie gemeenskap betrokke is. Ons strewe is om sigbaar in die gemeenskap te wees en hopelik plaaslike leerlinge aan te spoor om by Maties te kom studeer.

Die hub dien 'n wye streek en juis daarom is die geleentheid om te skakel volop. Die hub word deur Tarina Nel gelei.

SWAN

'n Netwerk van inspirerende Matie-vroue

"Die Universiteit Stellenbosch het deur die dekades fantastiese vroue-gegradueerdes vir die sake-, kuns en kultuur- en wetenskap en tegnologiesektore gelewer, sowel as fantastiese innoveerders en entrepreneurs. Ons weet dat Matie-vroue baie goeie konneksies en sterk opinies het en dat hulle hard gewerk het om hul merk in ons gemeenskappe, ons land en op die wêreldtoneel te maak."

— Karen Bruns, Senior Direkteur: Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge

Die Stellenbosch Vroue-alumnae Netwerk (SWAN, in Engels) is daarop gemik om vroue-gradueerdes bymekaar te bring deur mentorskapprogramme, leierskapopleiding en rondetafelbesprekings. Ons hoop dat SWAN-hoofstukke streeksgewys en in landspesifieke gemeenskappe van oudstudente sal ontwikkel en floreer, waar vroue kontak kan maak oor kwessies en belangstellings wat vir hulle van belang is op 'n persoonlike of professionele vlak, deur middel van talle aktiwiteite.

SWAN is in Augustus 2020 geloods met dr Marlene le Roux, hoof uitvoerende beampte van die Arstscape Teater en medestigter van die Women's Achievement Network for Disability wat as hoofspreker by die geleentheid opgetree het. Sy het 'n beroep op ons gedoen om byeen te kom en 'n positiewe verandering in ons werkplek en elders te maak.

Dr Nthabiseng Moleko, 'n alumna en voorstaander vir vroueregte as kommissaris van die Kommissie vir Geslagsgelykheid, was die fasiliteerder van SWAN se inlywingsgeleentheid. Sy het die deelnemers uitgedaag om hul vaardighede en kennis te gebruik om met oplossings vorendag te kom vir probleme soos geslagsgebaseerde geweld en die ekonomiese krisis in die land.

Jy kan by SWAN by www.matiesconnect.com aansluit, waar ons inligting oor alle komende netwerkgeleenthede sal deel en die kollig op ons uitnemende Matie-vroue sal plaas.

> Bly asseblief in kontak – rig 'n e-pos aan alumni@sun.ac.za om nuus van jou prestasies en suksesse, persoonlik of professioneel, te deel.

Teken hierdie datums aan

Saterdag 27 Maart

Ons begin 2021 op 'n hoogtepunt met 'n netwerk-laatontbyt vir almal wat aan SWAN behoort. Afhangend van COVID-19-regulasies ten tye, sal hierdie geleentheid aanlyn of in persoon plaasvind. Jy sal die kans kry om met mede-Maties in verbinding te tree. Ons hou jou op hoogte.

Woensdag 25 Augustus

Dis immers Vrouemaand – wees gereed om jou te verwonder aan verskeie uitmuntende Matie-vroue wat ons aan jou sal bekendstel en wat hul passie en ervaring as kundiges op hulle gebiedsveld sal deel. Verdere besonderhede sal aangestuur word.

Fika Ngonzo
SWAN projekbestuurder
E-pos: alumni@sun.ac.za

Ontmoet Fika Ngonzo, ons projekbestuurder by SWAN

Ek het 'n BA-graad Honneurs (in Politieke Wetenskappe) aan die Universiteit Stellenbosch behaal. Nadat ek die afgelope jaar as 'n assistent vir talentontwikkeling opgetree het, het ek sedertdien besef dat projekbestuur my passie is.

As die eerste SWAN is ek opgewonde oor die potensiaal van hierdie netwerk en wat ons as vroue van ons alma mater saam kan bereik. SWAN is aanlyn geloods weens die COVID-19-pandemie, maar ek sien uit na die dag wanneer ons uiteindelik van aangesig tot aangesig kan ontmoet.

Sluit by ons aan om 'n SWAN-tak in jou streek te begin. Volg ons op sosiale media en op Maties Connect – ons waardeer jou insette.

’n Beroep op al ons jong Maties

Hallo daar, het jy hulp nodig om jou loopbaan te begin of te bevorder? Weet jy nie hoe om ‘n goeie CV op datum te bring nie? Klink netwerk soos ‘n vreemde konsep? Wil jy kontak met invloedryke Maties maak? Ons Jong Alumninetwerk is dan pasgemaak vir jou.

Hierdie Jong Alumninetwerk poog om die ontwikkeling van jong gegradueerdes te verbeter deur middel van mentorskap, loopbaanontwikkelingsprogramme en netwerkgeleenthede. Om te verseker dat programme en geleenthede in alle streke in die beste belang van ons jong Maties aangebied word, sal ons ‘n adviesraad op die been bring. Die adviesraad sal bestaan uit 11 verteenwoordigers – een verteenwoordiger vanuit elke provinsie in Suid-Afrika en twee internasionale verteenwoordigers. Daar sal van elke lid verwag word om ‘n vrywilligerskomitee te lei wat verantwoordelik is vir die reël van streekbyeenkomste.

Maart 2021

Amptelike Opening

Die Universiteit Stellenbosch se Jong Alumninetwerk begin amptelik in Maart 2021. Voorlopig is die plan om ‘n persoonlike netwerkbyeenkoms te hou, anders gaan ons aanlyn, afhangende van die COVID-19-regulasies.

Adviesraad

Die eerste seleksie van adviesraadslede sal deur middel van ’n onderhoudsproses geskied. Stuur jou naam aan Ferdi van Dyk by dfvandyk@sun.ac.za indien jy bereid is om te help. Hou ons sosialemedia-platforms en www.matiesalumni.com dop.

HET JY GEWEET?

Ons Maties-netwerk is werklik wêreldwyd. Jou alma mater spog met 60 412 jong alumni in 83 lande.

Woensdag 31 Maart - Saterdag 3 April

Netwerk- en loopbaanbetrokkenheidsweek

Die Jong Alumninetwerk bied in Julie 2021 sy eerste netwerk- en loopbaanbetrokkenheidsweek aan waar baanbrekers vanuit verskeie oorde die geleentheid kry om ons jong blitsbreine te betrek.

> Vir meer inligting oor ons Jong Alumninetwerk en komende geleenthede, kontak asseblief vir Chuma Gqola by gqola@sun.ac.za.

Young ALUMNI

UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

KONVOKASIE

Jou insette kan 'n verskil maak

"Daar lê 'n nuwe pad vir die Universiteit Stellenbosch se Konvokasie voor. Oorweeg dit om deel te neem en sodoende gebruik te maak van die geleentheid om insette te lewer oor besluitneming aan die US," skryf dr Leslie van Rooi, Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie en Vise-President van die Konvokasie.

Ons sal 2020 onthou as 'n tyd van uitsonderlike, uitdagende, gedeelde belewenisse regoor die wêreld. Niemand is onaangeraak deur die uitdagings van COVID-19 nie. Vir lank sal ons nog anders moet leef – wie weet, dalk het daar 'n grondliggende verskuiwing in ons manier van doen plaasgevind. Tyd sal leer.

Die impak van die virus op die doen en late van die universiteitsgemeenskap, ons alumni regoor die wêreld ingesluit, blyk uit die boodskappe wat ons ontvang. Vir sommige is die uitdagings groter en dalk selfs meer permanent as vir ander.
My hart klop egter warm omdat ons daagliks hoor van meer alumni van die US wat op hulle eie manier 'n diep impak op die lewens van soveel ander maak. Alumni gebruik hulle tyd, vaardighede en kennis om inderdaad van die wêreld 'n beter plek te maak. Dit is inspirerend en help ons besef dat elkeen van ons 'n verskil kan en moet maak. Veral nou.

Boodskappe uit ander wêrelddele help ons ook om te verstaan dat alumni én vele ander vriende van die US besef dat die dorpsekonomie druk. Dankie dus ook vir die moeite wat julle doen om geleenthede wat die ekonomie van Stellenbosch heraktiveer, te ondersteun.

Dieselfde geld vir nuwe en bestaande donateurs wat, onder uiters moeilike omstandighede, aanhou gee om steun te kan bied aan diegene met wie dit nog slegter gaan.

Ek kan ook nie anders nie as om die US se bestuur en studente en elke liewe US-personeellid – in alle hoedanighede – op ons kampusse geluk te wens met die feit dat ons instelling binne rekordtyd gerig kon word om, onder abnormale omstandighede, universiteit in die volle sin van die woord te wees. So word die US steeds meer gevestig as 'n voorste universiteit waar ons die uitdagings van die tyd kan aanpak, vernuwend kan dink en doen, en 'n impak wil maak.

Daar lê 'n nuwe pad vir die Konvokasie voor. Ons het in Desember 2020 ons eerste virtuele Konvokasie-vergadering aangebied asook 'n suksesvolle eerste aanlyn Konvokasie-verkiesing gehou om vakante posisies in die Konvokasie-bestuur te vul. Daar is gesamentlik 9 877 stemme uitgebring vir die drie vakante posisies in die uitvoerende komitee. 'n Totaal van 3 380 stemme is uitgebring vir die vakature van president van die Konvokasie, 3 397 vir die posisie van sekretaris en 3 100 vir die vakature van 'n addisionele gewone lid.

Ons sal dus as die groter universiteitsgemeenskap (in die ware sin van die woord) voortaan virtueel kan skakel, virtueel en in persoon kan ontmoet en regoor die wêreld aan verkiesings kan deelneem. Dit bied aan ons 'n baie beter platform om te kommunikeer, te deel en om broodnodige insette te lewer.

Die Konvokasie-bestuurslede speel sleutelrolle ten opsigte van insette, advies en besluitneming aan die US. Dit is ook 'n manier om te kan 'teruggee' en om kontak met ons alma mater te behou.

Ons het die heel beste denkers, uit verskillende agtergronde en met verskillende vaardighede, van regoor die wêreld nodig om 'n verskil in ons instelling te maak.

Só neem ons ook die US vorentoe.

Wie is lede van die Konvokasie?
Alle persone wat 'n kwalifikasie by 'n kongregasie (dus 'n gradeplegtigheid) van die US verwerf het, is lede van die Konvokasie; ook die rektor, viserektore, uitvoerende bedryfshoof en alle voltydse akademiese personeel. Voltydse akademiese personeel van die US bly ook lid van die Konvokasie na hul aftrede.

Die uitvoerende komitee van die Konvokasie sien nou soos volg daar uit:

President: Adv Jan Heunis
Vise-President: Dr Leslie van Rooi
Sekretaris: Frederik van Dyk
Addisionele lede:
Esterbeth Singels en Merlyn van der Rheede

Gradeplegtigheid

April-gradeplegtighede

Maandag 29 Maart – Donderdag 1 April

Desember-gradeplegtighede

Maandag 13 Desember – Saterdag 18 Desember

Het jy geweet?
Toe ons herfs-gradeplegtighede in 2020 weens die COVID-19-inperkingstydperk nie kon plaasvind nie, het die Universiteit op 3 April sy allereerste aanlyn toekenning van kwalifikasies gehou. Ons het 'n rekordgetal diplomas, sertifikate en grade toegeken – 9 120 vir 2019 se akademiese jaar, insluitend 'n verstommende 361 PhDs.

In Desember 2020 het die Universiteit 'n hibriede model vir die gradeplegtighede gevolg. Die hibriede gradeplegtigheid-model het 12 klein gradeplegtighede (van aangesig tot aangesig) ingesluit wat deur doktorale graduandi, eredoktorandi, ontvangers van die Kanselierstoekenning en die ontvanger van die Kanseliersmedalje in die Endlersaal bygewoon is, asook virtuele fakulteitsgradeplegtighede.

Kyk hier na die Desember 2020 virtuele gradeplegtighede >

OU HOOFGEBOU

ALUMNI-INTERAKSIE

FAKULTEITE

matiesconnect.com

Shaun Stuart,
Bestuurder: Donateur en
Alumnibetrokkenheid

Jou intellektuele tuiste

Soos jy seker weet, het die US 10 fakulteite: AgriWetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, Ingenieurswese, Krygskunde, Lettere en Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, en Teologie.

As jy 'n oudstudent van een of meer van hierdie fakulteite is, bly die US jou intellektuele tuiste, en jou fakulteit(e) wil steeds graag jou lewe as 'n Matie verryk. Omdat die fakulteite graag weer met jou in verbinding wil tree en jou wil betrek, beplan en bied hulle dwarsdeur die jaar geleenthede aan wat vir jou interessant sal wees. Dié geleenthede kan lesings deur kenners op hulle onderskeie gebiede insluit, asook besprekings van aktuele onderwerpe vir 'n bietjie intellektuele stimulasie, netwerkgeleenthede om jou loopbaan te bevorder, of geleenthede wat spesiaal geskep is sodat jy van jou tyd of talente kan terugploeg.

Onthou, ons is trots op jou prestasies. Ons oudstudente dien as rolmodelle vir ons huidige studente, en dit is waarom ons jou wil betrek, 'n vennootskap met jou wil aangaan en jou by ons netwerke wil insluit.

Die COVID-19-pandemie het in 2020 ons planne omvergewerp,, maar ons is weer op dreef. Ons het ons kragte saamgesnoer en dit reggekry om in die virtuele wêreld suksesvolle interaksie met Maties te bewerkstellig. Weens die gewildheid van ons aanlyn aanbiedings kan jy in 2021 'n kombinasie van virtuele en in-lewende-lywe-geleenthede verwag.

In ag genome die dinamiese aard van die Universiteitskalender en die voortdurende onsekerhede oor die COVID-19-situasie, gaan ons hier net enkele voorlopige fakulteitsaktiwiteite vir 2021 met jou deel. Kan jy nie 'n spesifieke fakulteit se geleenthede opspoor nie? Dis geen probleem nie: ons sal jou dwarsdeur die jaar ingelig hou. Skakel gerus ook die fakulteitsverteenwoordigers wat by elke fakulteit genoem word vir meer inligting.

As jy enige voorstelle het vir die pad vorentoe, deel hulle asseblief met ons by alumni@sun.ac.za en bly met ons in verbinding deur www.matiesalumni.com en www.matiesconnect.com om op die hoogte van alumni-aktiwiteite te bly.

FOTO: Stefan Els

Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe

Die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe is bekend daarvoor dat dit een van die akademiese omgewings aan die Universiteit Stellenbosch is waar die kunste, tale en sosiale wetenskappe byeenkom om vir ons studente 'n ryk akademiese ervaring met vele fasette aan te bied. Dit is waarom talle van ons gegradueerdes leiersposisies in die openbare en privaat sektore beklee waar hulle in staat is om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die hantering van die uitdagings waarvoor die Suid-Afrikaanse samelewing, Afrika en die res van die wêreld vandag te staan kom.

Ons strewe as 'n fakulteit is om by te dra tot 'n regverdige wêreld waar kritiese denke, samewerking, kreatiwiteit en innovering die grondslag van die samelewing vorm. Die onderrig en die leergeleenthede wat ons vir ons huidige studente en terugkerende gegradueerdes aanbied en die sosiale-impakinisiatiewe waarby ons betrokke is, is maniere om hierdie doelwit na te streef, terwyl die navorsing wat ons onderneem, bedoel is om die mense van die Wes-Kaap, Suid-Afrika en die res van die wêreld te leer en hulle lewensgehalte te verryk en verbeter. Al hierdie geleenthede is steeds vir jou ook beskikbaar deur ons nagraadse programme.

Die Fakulteit sal in 2021 weer 'n reeks seminare en praatjies oor tersaaklike kwessies aanbied en ons gaan ons bes doen om baie van hulle ook aanlyn aan te bied. Ons nooi al ons oudstudente hartlik uit om hierdie geleenthede by te woon en aan die besprekings deel te neem.

Ofskoon baie van ons seminare en praatjies vanuit die Fakulteit gedrewe is, hoor ons graag van geleenthede vir samewerking met ons oudstudente om die deurlopende uitruil van kennis tussen die akademie en die bedryf te verseker.

> Skakel gerus met Lynne Rippenaar-Moses hieroor by lynnr@sun.ac.za of +27 21 808 2017, en nader haar ook vir meer inligting oor die geleenthede wat ons vir 2021 beplan. Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/arts

Fakulteit AgriWetenskappe

Die Fakulteit AgriWetenskappe geniet op plaaslike en internasionale vlak hoë aansien, asook as konsultant in die landbou- en bosboubedryf, danksy die gehalte van die opleiding en navorsing van dié fakulteit. Studente wat vir die Fakulteit se voor- en nagraadse programme ingeskryf is, word deur deskundiges opgelei om leiers en bestuurders in die verskillende sektore van die landboubedryf te word. Die Fakulteit se oudstudente beklee oral in Suid-Afrika en in die buiteland hoë poste.

Die Fakulteit het reeds 'n hele aantal geleenthede vir 2021 beplan. Teken dit asseblief in jou dagboek aan.

Vrydag 21 Mei

Jaarlikse Navorsingsdag

Ons Departement Bewaringsekologie hou sy jaarlikse navorsingsdag op Vrydag 21 Mei. Meer besonderhede sal volg.

Sondag 26 September – Woensdag 29 September

BIO2021

Die Suid-Afrikaanse Genetikavereniging en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Bioinformatika bied BIO2021 in September 2021 aan in die hart van die Kaapse wynland. Navorsers van oor die hele spektrum gaan bymekaarkom om gesprekvoering onder die sentrale tema Biowetenskap, groot data en die Vierde Industriële Revolusie te fasiliteer, netwerke op te bou, dinkskrums te hou en die kruisbestuiwing van gedagtes te laat plaasvind.

> Konferensiewebblad: https://bit.ly/35aUQca

November

Ons rig 'n uitnodiging aan alle oudstudente in die Hermanus-omgewing: Hermanus se belangegroep vir AgriWetenskappe-oudstudente gaan in November 2021 'n netwerkgeleentheid aanbied wat eenvoudig nie misgeloop kan word nie. Die lokaal en sprekers sal nog aangekondig word.

Veekundige Wetenskappe se 100-jaarviering (1921 – 2021)

Vanjaar is 'n groot jaar vir die Departement Veekunde, een van die oudste gevestigde departemente veekundige wetenskappe in die land. Die Departement gaan sy honderdste bestaansjaar vier, en nooi jou om die vieringe by te woon.

Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe wat meer **inligting** oor komende geleenthede sal bevat, of skakel met Carin Bruce by cbruce@sun.ac.za of +27 21 808 9047.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/agri

FOTO: Stefan Els

Fakulteit Opvoedkunde

Die Fakulteit Opvoedkunde, wat in 1918 gevestig is, is die oudste opvoedkundefakulteit in die land. Die Fakulteit het hom verbind om onderwysers te lewer wat plaaslik toepaslik en vaardig genoeg vir die hele wêreld is, en om die kennisgrense in opvoedkunde te verskuif. Jou verbintenis met die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Opvoedkunde hoef nie tot 'n einde te kom wanneer jy jou kwalifikasie behaal het nie, en dit is waarom ons besluit het om 'n portefeulje vir skakeling met oudstudente op die been te bring.

Ontmoet Mkululi Nompumza, Koördineerder: Werwing en Alumniskakeling

As 'n oudstudent van die Fakulteit Opvoedkunde aan die US is dit vir my 'n groot voorreg om die fakulteitsbestuur te ondersteun in die vestiging van 'n portefeulje vir skakeling met oudstudente.

Ons fakulteit se oudstudente het 'n impak op baie mense se lewens deur hulle werk as onderwysers, skoolleiers en beleidbepalers, en as lede van ander beroepe. Die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Opvoedkunde nooi jou om jou fakulteit deurgaans op jou professionele reis as ondersteuningsbron te gebruik.

In ooreenstemming met die Universiteit Stellenbosch se Visie 2040 en in die besonder die kern-strategiese tema van doelgerigte vennootskappe en inklusiewe netwerke, mik die Fakulteit daarna om geleenthede vir skakeling met ons omvattende oudstudentegemeenskap te verbeter en uit te brei en om ons verhouding met ons oudstudente te bevorder. Wees asseblief op die uitkyk vir ons fakulteitspesifieke teleton, vraelys en komende geleenthede. Ons sal jou insette in die ontwikkeling van ons portefeulje verwelkom.

Skakel gerus met Mkululi Nompumza by mknompumza@sun.ac.za of +27 21 808 3936.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/education

FOTO: Stefan Els

Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe word wyd gereken as die voorste fakulteit van sy soort in Suid-Afrika. Ons is verbind tot die ontwikkeling van die ryke menslike potensiaal in ons land en word beskou as 'n sentrum van uitnemendheid aan die Universiteit Stellenbosch. Ons oudstudente blink uit oor 'n breë spektrum van beroepe.

Donderdag 18 Februarie

Thys Visser-gedenklesing

Die tweejaarlikse Thys Visser-gedenklesing sal aangebied word deur prof Emmanuel Akyeampong, Oppenheimerfakulteitsdirekteur van die Harvard-universiteitsentrum vir Afrikastudies en professor in Geskiedenis en in Afrika- en Afro-Amerikaanse studies aan die Harvard-universiteit. Die lesing gaan handel oor pandemies, kommoditeitsmarkte en resessies: Afrika en die koronavirus.

Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede, of skakel met Ronel Beukes by rbeukes@sun.ac.za of +27 21 808 3404.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/economy

Universiteit Stellenbosch Besigheidskool

Die Universiteit Stellenbosch se Besigheidskool (USB) val onder die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en is 'n gerekende voorsiener van internasionaal geakkrediteerde nagraadse bestuursgrade en uitvoerende bestuursopleiding in Suid-Afrika. Dit is reeds meer as vyftig jaar vandat die eerste 14 MBA-studente in 1964 by die USB ingeskryf het. Vandag het dié skool reeds só gegroei dat meer as 29 000 plaaslike en internasionale studente en alumni hier wêreldgehalte-onderrig ontvang.

Februarie – September

USB-meesteklasse: Die fasiliteerders is senior USB-akademici. Ons voortgesetteleerprogram bestaan uit drie geleenthede per jaar in verskeie sleutelfokusareas soos toekomste, finansies, afrigting en leierskap.

Maart – Oktober

USB-alumni Alumni Denkleierskapsnetwerk-webinare en in loco-geleenthede: Vername sake- en wêreldwye diskoerstemas, aangebied deur USB-akademici of bedryfsleiers.

September

USB-sakeontbytskakeling met die bedryf. Rentmeesterskapfees.

Oktober

Mentorskapmeesterklas vir alle mentors wat by die USB en kleinsake-akademie geregistreer is. Kgalema Motlanthe-leierskapsreeks.

November

Lion's Den: Entrepreneurskapsgeleentheid.

Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede, of skakel met Christelle Cronjé by ccronje@usb.ac.za of +27 21 918 4259.

> Op die web: https://www.usb.ac.za

Fakulteit Regsgeleerdheid

Die Fakulteit Regsgeleerdheid het 'n lang en trotse tradisie van uitnemende onderrig waardeur studente nie slegs as regspraktisyns toegerus word nie, maar ook as juriste. Die Fakulteit is in 1921 op die been gebring en het betekenisvol bygedra tot die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse regstelsel. Ons Fakulteit se oudstudente is steeds baanbrekers in hulle spesialiseringsrigtings. Ons stel jou deelname op prys en wil jou graag verwelkom by die geleenthede en kursusse wat ons vir 2021 beplan.

Februarie

Woensdag 10 Februarie – Vrydag 12 Februarie – Kortkursus in Sosiale Regte-jurisprudensie.
Saterdag 20 Februarie – Jaarlikse sosialegeregtigheidslesing
Virtuele opedag.

Maart/April

Woensdag 24 Maart – Sosiale Reg-tafelronde.

Mei

Jaarlikse Menseregtelesing met prof Sandy Liebenberg.
Donderdag 27 Mei – Vrydag 28 Mei – Vierde Internasionale Konferensie oor Openbare Verkrygingsreg in Afrika.

Junie/Julie

Dinsdag 8 Junie – Saterdag 12 Junie – Administratiewe ondersoeke en kommissies van ondersoek.
Donderdag 24 Junie – Saterdag 26 Junie – Konferensie oor internasionale regsetiek met prof Theo Broodryk.
Dindag 29 Junie – Vrydag 2 Julie – Global Alliance for Justice Education en *International Journal for Clinical Legal Education* met prof Theo Broodryk en Stephan van der Merwe.
Sondag 4 Julie – Sondag 11 Julie – All African Human Rights-skynverhoor met prof Annika Rudman.
Woensdag 21 Julie – Vrydag 23 Julie – Administratiewe Reg vir staatsfunksionarisse.

Augustus

Woensdag 25 Augustus – Vrydag 27 Augustus – Jaarlikse spitsberaad oor sosiale geregtigheid en internasionale konferensie oor sosiale geregtigheid en die reg.

September

Eendag-kollokwium by die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Studies – Nuwe ontwikkelings in die Suid-Afrikaanse deliktereg – met dr Bernard Wessels.
Streekskonferensie oor onderrig en leer met Ebrezia Johnson.
Seminaar oor demokratiese regering en die reg.
Arbeidsregkonferensie met ons dekaan, prof Nicola Smit.
Dinsdag 14 September – Donderdag 16 September – Forum oor die dekriminalisering van geringe oortredings met Afrika-polisiëring en siviele toesig met prof Nicola Smit/Sean Tait.

Oktober

Woensdag 20 Oktober – Romeinse Reg-skynverhoor met Ray de Villiers.

November

Administratiewe Reg vir staatsfunksionarisse.
Vierde Internasionale Konferensie oor Openbare Verkrygingsreg in Afrika met prof Geo Quinot.

Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe, wat meer inligting oor komende geleenthede sal bevat, of skakel met Yolandi Filander by yolandi@sun.ac.za of +27 21 808 4853.

> Op die web: https://blogs.sun.ac.za/law

FOTO: Stefan Els

Fakulteit Ingenieurswese

Die Fakulteit Ingenieurswese is een van die Universiteit Stellenbosch se vlagskipfakulteite en een van Suid-Afrika se grootste leweraars van puik ingenieurs. Die wêreldgehalte-ingenieurs wat hier afstudeer dra by tot die land se ekonomiese ontwikkeling en verbeter sy mense se lewensgehalte. Boonop voeg ons uitnemende navorsings- en konsultantedienste waarde toe tot die bedryf en vul ons befondsingstrome aansienlik aan.

Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met volledige inligting oor komende geleenthede, of laat hoor van jou by alumni@sun.ac.za of +27 21 808 3404.

> Op die web: http://www.eng.sun.ac.za

Fakulteit Krygskunde

Ons Fakulteit Krygskunde bied wêreldklas militêre hoër onderwys aan vir die verdedigings- en sekuriteitsomgewings deur onderrig en leer met 'n maatskaplike impak, asook innoverende navorsing en professionele militêre ontwikkeling.

Skakel gerus met Andries Fokkens by fokkens@sun.ac.za of +27 22 702 3094, ook vir meer besonderhede oor die geleenthede wat ons vir 2021 beplan het.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/milscience

FOTO: Stefan Els

Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat in 1956 gevestig is, is 'n selfgedrewe hub van uitnemendheid aan die voet van die Tygerbergheuwels in Kaapstad. Ons strewe daarna om die voorste navorsingsintensiewe gesondheidswetenskappefakulteit in Afrika te wees.

Dit is ons missie om transformerende lewenslange leer te fasiliteer; om kennis te skep, te deel en te verduidelik wat gesondheid en gesondheidsgelykheid bevorder; en om waarde te skep saam met en vir die gemeenskappe vir wie ons dien.

Ons is tans die akademiese tuiste van ongeveer 4 600 studente in 15 akademiese departemente en 18 navorsingsentrums en institute met meer as 1 500 werknemers. Ons voorgraadse aanbiedings behels grade in geneeskunde, fisioterapie, arbeidsterapie, spraak-taal- en gehoorterapie, verpleging en dieetkunde. Ook bied ons meer as 90 nagraadse kwalifikasies aan, met inbegrip van opleiding aan mediese spesialiste en subspesialiste in verskeie dissiplines.

Ons fakulteit geniet wye erkenning vir navorsing op gebiede soos aansteeklike siektes, voortplantingsgesondheid, posttraumatiese stresversteuring, voedselsekerheid, innoverende rehabilitasie, bewysgebaseerde gesondheidsorg, genetika, beserings, rehabilitasie en primêre gesondheidsorg.

'n Skerp fokus op die akademieskap van onderrig en leer en op die voorsiening van doeltreffende studentesteundienste dra by tot ons studente se hoë slaagsyfer. Dan is ons natuurlik ook deeglik bewus van die belangrikheid van ons verbintenis met die gesondheidsorgstelsel. Dit is waarom ons landelike en distriksgebaseerde opleiding aktief bevorder, asook navorsing wat bydra tot verbeterde gesondheidsbeleide en vennootskappe wat kan help om gesondheidsorg in Suid-Afrika en ook buite die landsgrense te verbeter.

Wees op die uitkyk vir ons VIVUS-nuusbriewe wat jou, as 'n oudstudent van die Fakulteit, op die hoogte sal hou van die jongste gebeure en aktiwiteite, of skakel met Meggan Ceylon by alumni@@sun.ac.za of +27 21 938 9202.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/healthsciences/

Fakulteit Natuurwetenskappe

As een van die Universiteit se stigtingsfakulteite in 1918, voorsien die Fakulteit Natuurwetenskappe steeds onderrig in al die dissiplines van die fundamentele natuurwetenskappe; ook aan studente in graadkursusse vir professionele loopbane soos ingenieurswese, geneeskunde en aktuariële wetenskappe. Ook speel die Fakulteit 'n betekenisvolle rol in die posisionering van die Universiteit Stellenbosch as 'n voorste navorsingsintensiewe universiteit.

Gevolglik sien ons elke jaar uit na skakeling met ons talle oudstudente op verskeie platforms – van Wetenskapkafeegeleenthede en openbare lesings tot netwerkgeleenthede en ons gewilde Loopbane in wetenskap-geleenthede. Ons kwartaallikse elektroniese nuusbrief hou 'n groot aantal oudstudente ook ingelig oor gebeure en navorsingsaktiwiteite in die Fakulteit. Stuur vir ons 'n e-pos as jy nog nie op ons poslys is nie, of sluit by die Fakulteit Natuurwetenskappe aan op die professionele LinkedIn-platform om op die hoogte te bly van nuus en geleenthede.

Die Fakulteit Natuurwetenskappe sal in 2021 die meeste van sy uitreikaksies op aanlyn platforms aanbied totdat dit weer vir ons veilig is om te reis en om mekaar in verskillende opsette van aangesig tot aangesig te ontmoet. Wees dus op die uitkyk vir 'n reeks interessante en stimulerende praatjies oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe op ons LinkedIn- en Facebookblaaie.

Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede, of skakel met Comari Schoeman by science2@sun.ac.za of +27 21 808 3465.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/science

Fakulteit Teologie

Die Fakulteit Teologie dien as 'n kennisvennoot vir ander akademiese gemeenskappe, verskillende kerkverbande en instansies in die breër gemeenskap. Oudstudente sal in 2021 na verskillende aktiwiteite en geleenthede genooi word.

Maandag 1 Februarie – Teologiedag
Vrydag 14 Mei – Jeugdagrede
Maandag 18 Oktober – Russel Botman-gedenklesing

Wees op die uitkyk vir e-posse van die Fakulteit af wat meer inligting oor komende geleenthede sal bevat, of skakel met Marita Snyman by maritasnyman@sun.ac.za of +27 21 808 2538.

> Op die web: http://www.sun.ac.za/afrikaans/faculty/theology/

Openbare lesings

Teken asseblief die onderstaande openbare lesings aan wat in 2021 sal plaasvind. Hierdie lesings skep gewoonlik die geleentheid vir nadenke, skakeling en broodnodige openbare debattering.

Donderdag 18 Februarie 2021

Thys Visser-gedenklesing

Die tweejaarlikse Thys Visser-gedenklesing sal aangebied word deur prof Emmanuel Akyeampong, Oppenheimerfakulteitsdirekteur van die Harvard-universiteitsentrum vir Afrikastudies en professor in Geskiedenis en in Afrika- en Afro-Amerikaanse studies aan die Harvard-universiteit. Die lesing gaan handel oor Pandemies, kommoditeitsmarkte en resessies: Afrika en die koronavirus.

> Skakel met Ronel Beukes by rbeukes@sun.ac.za of +27 21 808 3404 vir meer inligting.

Maandag 18 Oktober 2021

Russel Botman-gedenklesing

Die Russel Botman-gedenklesing wat die lewe vier van prof Hayman Russel Botman, vind jaarliks in Oktober plaas, op of naby sy verjaarsdag (18 Oktober). Die lesing word deur die Fakulteit Teologie aangebied in samewerking met die kuratorea van die Uniting Reformed Church in Suider-Afrika, die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika , die Beyers Naudé-sentrum vir openbare teologie en die Russel Botman-beursfonds (RBBF).

Die Russel Botman-gedenklesing vind op Maandag 18 Oktober 2021 plaas. Russel Botman-beurshouers sal ook tydens hierdie geleentheid bekendgestel word. Hierdie lesing sal 'n aanlyn komponent hê om te verseker dat soveel alumni en vriende van die US wêreldwyd kan deelneem. Ons moedig jou ook aan om 'n skenking aan hierdie beursfonds te maak. Besoek gerus: https://www.givengain.com/cc/rbbf/.

> Besoek www.russelbotman.com vir meer inligting, of skakel met Marita Snyman by maritasnyman@sun.ac.za of +27 21 808 2538.

Maandag 29 Maart 2021

Frederik Van Zyl Slabbert-erelesing

Die Frederik Van Zyl Slabbert-erelesing, wat daarop gemik is om kritiese en uitdagende dialoog oor ons land en die kontinent te stimuleer, word jaarliks aangebied deur die Frederik Van Zyl Slabbert (FVZS) Instituut vir Studenteleierskapontwikkeling met die finansiële ondersteuning van die Konrad Adenauer-stigting.

In 2021 word hierdie jaarlikse lesing gekombineer met die Instituut se 10-jarige viering op Maandag 29 Maart 2021 as 'n virtuele geleentheid. So kan ons verseker dat meer alumni - plaaslik en internasionaal - aan hierdie spesiale geleentheid deelneem.

> Kontak vir Heidi October by heidioctober@sun.ac.za of +27 21 808 2312 vir verdere inligting.

Anton Lubowski-gedenklesing

Die jaarlikse Anton Lubowski-gedenklesing vind plaas ter viering van die lewe van die anti-apartheidsaktivis, Anton Theodor Eberhard August Lubowski (3 Februarie 1952 – 12 September 1989) en vind in die tweede helfte van die jaar plaas. Die lesing word aangebied deur die Universiteit Stellenbosch se Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge in vennootskap met die Fakulteit Regsgeleerdheid en die Simonsberg-manskoshuis.

> Skakel met Ferdi van Dyk by alumni@sun.ac.za of +27 21 808 4843 vir meer inligting.

ALUMNI
100
WELCOME HOME / WELKOM TUIS MATIES

ALUMNI-INTERAKSIE

KOSHUISE

Die Universiteit Stellenbosch spog met ‘n lewendige en aktiewe gemeenskap van koshuise en PSO-strukture wat gedurende die jaar ‘n verskeidenheid alumni-aktiwiteite aanbied. As ons die dinamiese aard van die universiteitskalender in ag neem en die onsekerheid wat die wêreldwye COVID-19-situasie meebring, deel ons gevolglik slegs enkele van die voorlopige geleenthede vir 2021 met jou. Moenie jou bekommer as jy nie geleenthede vir jou PSO of koshuis vind nie. Ons sal jou op die hoogte hou via e-pos, op ons verskeie sosialemedia-platforms en ons webwerf. Jy kan ook die alumni-verteenwoordigers wat op bladsy 76 gelys is vir verdere inligting raadpleeg.

matiesconnect.com

Verjaardagviering
100 JAAR

MATIES DAGBREEK

Dagbreek word 100!

Dagbreek vier in 2021 sy 100-jarige bestaan. Jy kan uitsien na 'n hele jaar van feesvier. Ons beplan 'n braai, *touchies* en krieket in die quad, 'n formele ete en 'n galakonsert – maar dis nie al nie. Datums moet nog bevestig word, maar jy kan intussen 'n nota van hierdie geleenthede in jou dagboek maak.

Eeufees-gholfdag

(datum moet nog bevestig word)

Wat is 'n reünie sonder 'n gholfdag? Die Eeufees-gholfdag word vir die begin van die jaar beplan. Oud- en huidige Dagbrekers mag deelneem, terwyl pa's en seuns mekaar kan uitdaag. Daar is geleenthede vir borgskap, insluitende pryse en borge vir putjies.

Galakonsert *(datum moet nog bevestig word)*

Tydens die 90-jaar reünie in 2011 was die Galakonsert in die Konservatorium een van die hoogtepunte op die program met optredes van verskeie groot geeste en legendes vanuit Dagbreek. Die konsert in 2021 beloof om nog groter te wees met top-kunstenaars vanuit oud- en huidige Dagbreek-geledere, kunstenaars wat betrokke was by Dagbreek-aktiwiteite, US-studente en ander Stellenbosch legendes. Dit gaan verseker 'n aand propvol nostalgie en verrassings wees.

Dagbreek Straatmyl – tydens die US Woordfees

Die jaarlikse Dagbreek Straatmyl word ter ere van die oud-Dagbreker De Villiers Lamprecht aangebied, die eerste Suid-Afrikaanse atleet wat 'n droommyl (die myl in minder as vier minute) kon hardloop. Hierdie prestasie is op 13 November 1964 by Coetzenburg behaal.

DAGBREEK STRAATMYL

Trek jou tekkies aan en durf die 1.604m roete in die boomryke Victoriastraat aan – een van die mooistes in die land. Die eindstreep is reg voor Dagbreek.

Daar is 13 afdelings, insluitend 'n mans- en vroue elite-afdeling asook 'n pretmyl en 'n meesters-afdeling. 'n Platejoggie sal vir 'n feestelike atmosfeer sorg en daar sal vermaak tussen wedlope aangebied word. Daar is ook heelwat medaljes en pryse op die spel.

Senior-Middagete

Sondag 11 April

'n Sondagmiddagete word beplan waar alle oud-Dagbrekers wat voor 1980 eerstejaars in die koshuis was gesellig saam met hul tydgenote kan kuier. Kom kyk hoe lyk dinge, besoek die argief of deel stories met huidige inwoners.

Ma- en Seun-Oggend

Saterdag 15 Mei

Huidige en oud-Dagbrekers word genooi om 'n gesellige oggend in die koshuis saam met hul ma's te spandeer. Daar sal verversings, vermaak en verassings wees.

Reünie-Naweek

Vrydag 6 Augustus tot Sondag 8 Augustus

Een van die hoogtepunte van die Eeufeesjaar is die inbly-naweek vanaf 6 tot 8 Augustus 2021.

Vrydag 6 Augustus

Ons kuier gesellig in die *quad*. Daardie aand luister ons na staaltjies van 'n paar legendes.

Saterdag 7 Augustus

Oggend: ODB jaarvergadering in Visholpark – jy sal die geleentheid kry om na die visie van die ODB te luister en jy kan voorstelle maak.
Middag: Ons grawe die 75-reünie tydkapsule op en kyk na die Britse Leeus op die grootskerm.
Aand: Stof jou aandpak af want vanaand kuier die manne in die Stellenbosch Stadsaal. Laataand kuier ons om die vure in die *quad* waar nuwe vriendskapsbande gesmee en oues vasgemaak word.

Sondag 8 Augustus

Oggend: Ons sluit af met 'n spesiale Eeufeesdiens in Visholpark.

> Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede. Let ook daarop dat alle kommunikasie beskikbaar sal wees op die Dagbreek d6 communicator, teken dus in op die Dagbreek-kanaal op die d6 connect-app.

100-jaar Tydkapsule

Wie het die 75-jaar reünie in 1996 bygewoon? Kan jý nog onthou wat onder die *quad* begrawe is? Die reünie-organiseeders beplan om die 75-jaar kapsule oop te maak en om dan 'n 100-jaar kapsule te begrawe. Wat sal jý graag vir die volgende generasie begrawe wou sien? Is daar dalk iets spesiaal wat jy wil skenk? Die organiseerders hoor graag van jou.

Prim- en Onder-Prim-Ete

Vrydag 24 September

Op Vrydag 24 September (tydens die Tuiskomsnaweek) gaan ons probeer om 100 prims en 100 onder-prims by hierdie spesiale geleentheid te laat aansit. As die prim nie teenwoordig kan wees nie, is daar hopelik 'n seun, dogter of selfs 'n kleinkind wat die geleentheid kan bywoon. Hierdie eenmalige geleentheid moet nie misgeloop word nie. As jy dus 'n prim of 'n onder-prim was, stuur asseblief jou kontakbesonderhede so spoedig moontlik sodat ons met jou in verbinding kan tree.

Quad-dag

Vrydag 24 September

Dis nie net nasionale Erfenisdag nie, maar ook Braaidag! Ons beplan 'n pretdag in die quad waar huidige en oud-Dagbrekers gesellig kan kuier. Die vure gaan hemelhoog brand en 'n paar balle gaan gemoker word. Die vraag is – hoe goed is jóú quad-krieketvaardighede na al die jare?

John Murray-dag

Oktober

Kom ons maak 2021 'n grote! Stap saam met huidige Dagbreek-inwoners tot by die Rooiplein waar ons John Murray se verjaarsdag sal herdenk

Verjaardagviering
55 JAAR
MATIES HEEMSTEDE

Vrydag 24 September

Heemstede se 55ste verjaarsdag!

Heemies! Kom vier saam met ons Heemstede se 55ste verjaardag. Jy kan uitsien na terugflitse in die Ditsem en 'n piekniek op die gras.

> Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede, of skakel met ons HK-lid vir Alumnibetrekkinge, Zanne Cronjé by 21626235@sun.ac.za.

Verjaardagviering
75 JAAR
MATIES HELDERBERG

Donderdag 23 September – Sondag 26 September

Die Republiek van Helderberg word 75

Sluit by ons aan vir 'n naweek van nostalgie vanaf Donderdag 23 September tot Sondag 26 September 2021. Ons beplan 'n wonderlike mengelmoes van rugby, wyntoere en veilings, braais, 'n galadinee en natuurlik 'n Jack Wells-kuier!

> Hou ons nuusbriewe dop vir meer inligting oor toekomstige geleenthede wat ons met jou sal deel en gesels saam op ons sosialemedia-platforms. Andersins kan jy in kontak bly via helderberg1946@gmail.com.

Vrydag 24 September – Saterdag 25 September

Hombré hou reünie

Dit is reeds meer as 20 jaar sedert Hombré sy deure gesluit het en ons dink dit is hoog tyd dat ons 'n lekker Hombré-samekoms aanbied. In Maart 2020 het die eerstejaarsgroep van 1980 'n klein byeenkoms gehou en toe net daar en dan besluit dat 'n groter geleentheid vir alle Hombré -alumni 'n realiteit moet word. Sluit asseblief by ons aan op Vrydag 24 September en Saterdag 25 September 2021.

> Besoek www.matiesalumni.com en ons sosialemedia-platforms om op hoogte te bly. Stuur gerus ook stories, herinneringe en foto's van jou tyd in Hombré na alumni@sun.ac.za.

Verjaardagviering

60 JAAR

MATIES EENDRAG

Vrydag 24 September

Eendrag se 60ste verjaarsdag

Ons doen 'n beroep op al ons mede-broers om saam met ons Eendrag se 60ste verjaarsdag op Vrydag 24 September 2021 te vier! Berei jouself voor vir legendariese Teekan-gesprekke, old school quaddies en geselsies in die kroeg.

> Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede, of skakel met ons HK-lid vir Alumnibetrekkinge, JT Cronje by 21570566@sun.ac.za.

Verjaardagviering

15 JAAR

MATIES METANOIA

Vrydag 24 September

Metanoia se 15de bestaansjaar

Op Vrydag 24 September 2021 vier jou koshuis sy 15de bestaansjaar en jy word uitgenooi. Bring jou Matie-gees! Jy gaan beslis oorgenoeg geleenthede hê om tyd met mede-Maties deur te bring en ook te netwerk, net hier in Matieland.

> Wees op die uitkyk vir ons nuusbriewe met meer inligting oor komende geleenthede, of skakel met ons HK-lid vir Alumnibetrekkinge, Nthatisi Mota by 22742921@sun.ac.za.

ONTHOU HIERDIE DATUM *23 - 25 September*

TUISKOMSNAWEEK 2021

STELLENBOSCH

Op 'n hoë noot

Augustus en September – datums sal bevestig word

SU Acapella is die a cappella-sangkompetisie waarin koshuise, privaatstudente-organisasies (PSO's) en ander nie-residensiële groepe teen mekaar meeding om as die beste op kampus gekroon te word. Dit is 'n kompetisie deur studente vir studente en vervang die vorige ATKV Sêr-kompetisie, nou met die fokus opnuut op musiek.

Ensembles het 12 tot 15 minute tyd om 'n keur van a cappella-stukke uit 'n groot verskeidenheid genres te lewer. Dit staan die ensembles vry om enige sangstyl te gebruik of enige onderwerp aan te pak, solank dit kindervriendelik bly. Minstens een Suid-Afrikaanse liedjie en een selfgeskrewe liedjie moet voorsien word, en dit kan in enige Suid-Afrikaanse amptelike taal van hul keuse wees.

> Vir meer inligting, kontak Rewaldo Carolus by srcculture@sun.ac.za. Volg ons op Instagram by kukosr.

Wenners

2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	2018	2019	2020
Hippokrates Mans Heemstede	Pieke Huis Francie	Hippokrates Mans Sonop	Wilgenhof Nerina	Hippokrates Mans Hippokrates Dames	Wilgenhof Hippokrates Dames	Dagbreek Huis Francie	Pieke Hippokrates Dames	Eendrag Metanoia Dames	Eendrag Osler	Simonsberg/Irene Meerhoff	Wilgenhof Irene	Covid wen

WOORDFEES

Vrydag 17 September tot Vrydag 24 September 2021

Die 2021 Toyota US Woordfees word vir die eerste keer 'n Stellenbosse lentefees. Dié besluit – om die fees van Vrydag 17 September tot Vrydag 24 September 2021 aan te bied – is in oorleg met die Universiteit Stellenbosch en verskeie ander belanghebbendes geneem.

Die fees is wel van voorneme om vroeër in die jaar aktiwiteite gerig op die Woordfeesgehoor aan te bied met 'n fokus op die ondersteuning van kunstenaars en die skep van nuwe blootstellingsgeleenthede vir borge. Hierdie aanbiedings sal sowel aanlyn as tradisionele aanbiedings insluit. Tradisionele aanbiedings sal aan die geldende COVID-19-protokolle onderhewig wees.

Volgens Saartjie Botha, direkteur van die Toyota US Woordfees en WOW-projek, is dit te vroeg om te voorspel of hierdie 'n eenmalige skuif vir 2021 sal wees en of die hele fees permanent na die tweede helfte van die jaar sal skuif: "Die Woordfees funksioneer nie in isolasie van ander feeste nie en te midde van al die uitdagings wat die kunste-omgewing in die gesig staar, moet ons nou in belang van die groter bedryf optree. Dit vra vir 'n ingesteldheid wat ondanks onsekerheid gerig is op volhoubaarheid en innoverende oplossings. Die feeste het ook meer as ooit te vore 'n verantwoordelikheid om inkomste-geleenthede vir kunstenaars te skep. Terselfdertyd is ons daartoe verbind om vir ons borge 'n goeie opbrengs op beleggings te verseker en, waar moontlik, ons deel te doen om die plaaslike ekonomie te stimuleer."

> Hou www.woordfees.co.za en sosialemedia-platforms dop vir meer besonderhede.

ALUMNI-INTERAKSIE

SPORT

matiesconnect.com

FOTO: Stefan Els

Ilhaam Groenewald,
Hoofdirekteur van Maties Sport

> Vind ons aanlyn
Maties Sport het 'n wye en uiteenlopende netwerk van aanhangers op sosiale media. 'Like' en volg ons om te verseker dat jy altyd op die hoogte is van wie in watter sport uitblink, watter span bo-aan die punteleer is, wie Suid-Afrika se naam hoog hou, en, natuurlik, die wedstryddatums van jou gunsteling sportsoort.

Ook wil jy dalk by een van ons talle aanlyn samekomste aansluit om van deskundiges op hul onderskeie gebiede te hoor en om deel te neem aan die algemene gesprek oor universiteitsport en oor jou alma mater se sport in die besonder.

Ons hoor baie graag van voormalige studente-atlete. Deel dus asseblief jou kommentaar, foto's en stories met ons. Ons oudstudente is immers ons inspirasie, en … eenmaal 'n Matie, altyd 'n Matie!

Sluit by ons aan op Facebook en Instagram of Twitter @matiessport.

Maties Sport

Maties Sport en 'n mens se studentelewe by die Universiteit Stellenbosch is onafskeidbaar aan mekaar verbind! Elke oudstudent kan hiervan getuig, met heerlike herinneringe aan somersaande op die Danie Craven-stadion terwyl die maroen masjien toegejuig word, of die blitsvinnige aksie op die basketbal- en netbalbane in die Coetzenburg-sentrum, om nie eers te praat van rekords wat spat langs die historiese Coetzenburg-stadion nie.

Die woorde en wysies van *Sweet Caroline* en *Dis Altyd Lente* sal vir altyd deel van jou DNA bly.

Die Coetzenburg-kampus is die hart van die Universiteit Stellenbosch, of jy nou aan sport deelgeneem het of nie. Jou teenwoordigheid by wedstryde, hetsy fisies of virtueel by die talle aanlyn byeenkomste, is noodsaaklik vir die voortsetting van die nalatenskap en tradisie wat oor die afgelope honderd jaar opgebou en gevorm is.

Vandag bied Maties Sport 30 sportkodes – waarvan 11 hoëprestasiesportkodes is – aan ongeveer 3 000 studente-atlete, en dien steeds as teelaarde vir uitnemendheid in afrigting, sport-innovering en nasionale kampioene.

Tydens die ongeëwenaarde nuwe omstandighede in 2020 het Maties Sport as 'n leier tussen Suid-Afrikaanse Universiteite ontluik deur tegnologie aan te gryp en aanlyn te gaan met afrigtingsessies in al die sportkodes, webinare en nasionale kompetisies in skaak en e-sport.

In 2021 sal alles baie vinnig weer aan die gang kom sodra die COVID-19-beperkings opgehef word. Bly dus in voeling met Maties Sport om jou kalender op datum te hou en jou maroen trots te vier – en onthou altyd: #gooimielies!

Gereed vir aksie!

Om te sê dat die COVID-19-pandemie verwoesting in die wêreld van sport tydens 2020 gesaai het, is om dit sag te stel. Ongelukkig hou dit ook gevolge vir 2021 in, en teen druktyd is Maties Sport se 30 kodes steeds onseker van kompetisiedatums en -lokale – en of kragmetings enigsins sal plaasvind.

Hopelik sal 'n datumlys teen die einde van die eerste kwartaal deur sportliggame bevestig word, en gevolglik ons talentvolle studente-atlete in staat sal stel om die speelveld te betree, hul ondersteuners hope opwinding te bied en die Universiteit Stellenbosch trots te maak.

Verskeie kodes se eerste spanne hou reeds oefensessies en 'n kykie op ons sosialemedia-platforms sal bewys lewer dat ons studente-atlete steeds fiks bly met behulp van innoverende virtuele draf-oefening wat deur toegewyde afrigters aangebied word.

Maties Sport het selfs baanbrekerswerk verrig deur die eerste aanlynskaaktoernooi aan te bied en op hierdie manier, ten volle, by e-sport in te skakel – twee van ons spelers het hul eweknieë in die wêreld aangepak tydens *FISU* (die Internasionale Universiteitsportfederasie) se e-sportspele.

Ons Sportbestuurders

Netbal – Karen Swart (kj2@sun.ac.za)
Rugby – Quintin van Rooyen (qsvrooyen@sun.ac.za)
Atletiek - Hadley Volkwyn (hvolkwyn@sun.ac.za)
Krieket - Keagan van Aarde (vanaarde@sun.ac.za)
Hokkie - Reggie Smith (rjs@sun.ac.za)
Sokker - Elroy Smith (esmith@sun.ac.za)

Behou kontak met die kodes en spelers op sosiale media – hulle benodig en verdien al wat ondersteuning is tydens hierdie moeilike tyd.

Terwyl ons op bevestiging wag, kan jy hier 'n vinnige kykie kry hoe 2021 hopelik daar sal uitsien.

Parasport

Die Nasionale Kampioenskappe word in April in Port Elizabeth aangebied. Maties Sport sal deur 15 atlete verteenwoordig word.

Die Paralimpiese Spele word in Julie in Tokio gehou. Maties Sport het nege kandidate wat hoop om te kwalifiseer. 'n Verdere vier studente-atlete hoop om vir die Olimpiese Spele te kwalifiseer.

Krieket

Die Boland-krieketliga, Varsity Sport-kompetisie en USSA-spele (Universiteitsport Suid-Afrika) moet nog bevestig word.

Gelukkig kan ons krieket-alumni in aksie gesien word. Isma-eel Gafieldien en Ben Ward speel vir die Six Gun Grill Cape Cobras, Fritz de Beer is by Boland Krieket gekontrakteer en David Bedingham, wat in 2019 Maties se Sportman van die Jaar was, speel vir Durham County Krieketklub in die Verenigde Koninkryk.

Netbal

Die Kaapse Wynlandliga, beide USSA Netbal en Varsity Netbal vir 2021 word almal tot verdere kennisgewing uitgestel. Hopelik sal dit in die volgende paar maande verander.

Tennis

Die CUCSA-spele (*Confederation of University and College Sports Association*) vind in Desember 2021 in Lesotho plaas.

Corin de Waal en Sinazo Solani is as spelers vir die span gekies. Die volgende personeel is tot die bestuurspan verkies: Brendan Thomas (afrigter) en Christine Barnard (bestuurder).

Boland-Suid Tennisliga se kalenderkennisgewings is vir eers uitgestel.

Sokker

Maties Sokkerklub, met 'n stewige lidmaatskap van 90 spelers, bestaan uit drie mans- en twee vrouespanne – en hulle brand behoorlik om die bal skuins oor die doel te skiet!

Die 1ste Span neem aan die SA Sokkerfederasie-streekliga vir Mans deel, die Studentespanne (mans en vroue) pak hul opponente by die USSA Nasionale Institusionele Toernooi in die A-afdeling aan, die 2de en 3de Spanne word in die Premierliga verteenwoordig (Stellenbosch LFA – dws die plaaslike sokkervereniging), en die Vroue se 1ste Span speel in die SASOL Provinsiale Liga.

Die Studentespanne kon nie aan die Varsity Sports-sokkertoernooi deelneem om kwalifikasie vir 2021 te verseker nie; die huidige fokus is om vir 2022 te kwalifiseer.

Die Koshuisliga wat 800 spelers lok, bestaan uit twee mansligas en een vroueliga. Maties Sport hoop om vanjaar 'n *Fives League* te loods, maar alle studente-opleiding en -spel sal op die Universiteit moet wag om weer oop te maak en dat die land weer tot Vlak 1-beperkings moet terugkeer.

Gholf

Maties Sport se studente-atlete sal aan Boland Gholf se Krugerliga en die 2021 USSA-spele deelneem sodra daar bevestiging is.

Watersport

Een van die kodes wat sy spelers in aksie sien, is die besige Maties Watersport-klub.

Januarie - *Maart* – **Waterpolo WP Somerliga**
Januarie - *April* – **Swem Wes-Kaap Klubgalas**
Februarie – **Swem SA Oefenkamp** – Coetzenburg Buitemuurse Swembad
Februarie – **Waterpolo SA Olimpiese Uitdunne** – Durban
Maart – **Swem SA Nasionale Ope Water Swem-kampioenskappe** – Port Elizabeth
April – **Waterpolo SA *Nationals*** – Durban
April – **Swem SA Langbaan *Nationals*** – Port Elizabeth
April – **Swem SA Ouderdomsgroep *Nationals*** – Stellenbosch (moet nog bevestig word)
April / Mei – **Swem CANA (Konfederasie van Afrika-swem) Sone 4-kampioenskappe** (moet nog bevestig word)
Mei – **Swem Swem SA Grand Prix 4** – Port Elizabeth
Mei – **Swem Ope Water Swem-kwalifiseringsmarathon** – Fukuoka Japan
Augustus – **Swem FINA Wêreld Junior Kampioenskappe vir Ope Water Swem** – Seychelles
Augustus – **Swem SA Kortbaan *Nationals*** (moet nog bevestig word)
Augustus – **Swem FISU Wêrelduniversiteitspele** – China
Augustus – **Waterpolo FINA Wêreldkampioenskap vir Mans (Junior)** – Argentinië
September – **Swem USSA *Nationals*** – Universiteit van Pretoria
Oktober – **Waterpolo FINA Wêreldkampioenskap vir Vroue (Junior)** – Israel
Desember – **Swem Wêreld Kortbaan Kampioenskappe** – VAE
Desember – **Waterpolo USSA *Nationals*** – Varsity College Durban

Rugby

Dit is bykans onmoontlik om jou 'n akademiese jaar in te dink sonder 19 000 studente wat die Danie Craven-stadion in maroen tooi – maar vanjaar sal ons waarskynlik hierdie nare moontlikheid in die gesig staar. Die beste kans is dat wedstryde aan die einde van die eerste kwartaal hervat word – selfs vir daardie kompetisies wat hul formaat sal moet verander.

Maties Rugby, een van die oudste klubs in Suid-Afrika, het 'n Varsitybeker-kampioenspan, 'n Young Guns-kampioenspan, vier WP-ligaspanne, 'n Sewes-span vir Vroue, 'n Sewes-span vir Mans en 36 Koshuisspanne.

Voorlopige datums vir belangrike wedstyde is:

Varsitybeker – *Maart / April*
WP-liga – *April of Julie*
Koshuisliga – *Mei of Julie*
USSA 15 – *Augustus*
USSA Sewes Mans en Vroue – *September*
Varsity Sports Sewes Mans en Vroue – *Oktober*
WP se Sewesliga – *Oktober*

Hokkie

Maties Sport se hokkiespelers is gretig om op Coetzenburg te oefen en hul staal te wys tydens die Varsity-hokkietoernooi in Mei (moet nog bevestig word), by die USSA-spele by Wits in September (moet nog bevestig word) en die WP-hokkieliga wat in April afskop.

E-sport

Die Wes-Kaapse Universiteitsliga duur vanaf Maart tot die einde van die jaar. Die USSA-spele word in September gehou en hopelik sal Maties Sport ons in Julie by die FISU E-sport Uitdaging verteenwoordig.

Tafeltennis

Hierdie gewilde kode is ook deel van die USSA-spele, die Bolandliga en die SA Nasionale Kampioenskappe – almal moet nog bevestiging verkry.

Basketbal

Die Kaapstadse Basketbalvereniging (*CTBA*) se plaaslike liga begin in April / Mei – Cape Classic is deel van die *CTBA*.

Verteenwoordiging in die nasionale arena:
Maties Sport is deel van 'n aantal ligas en spanne op nasionale vlak: die *WC Mountaineers Franchise Team*, die Nasionale Baketballiga, die *Cape Town Tigers* (ook 'n franchise), en die Afrika Basketballiga (moet nog bevestig word). Hopelik vind die USSA-spele in Julie en Varsity Sport in September plaas.

Aan die internasionale front sal spelers gedurende Mei aan die 3x3 Basketbalkampioenskap vir Universiteite in Kenia deelneem indien bevestiging verkry word.

Saterdag 27 Februarie

Maties Hokkie-kragmeting

Huidige studente pak alumni in 'n eenmalige wedstryd op die Coetzenburg-sportgronde in Stellenbosch.

> As jy deel wil neem, kontak Reggie Smith by rjs@sun.ac.za.

Maandag 8 Maart

Maties vs UK Derby-skouspel

Varsitybeker 2021 se groot Kaapse kragmeting is eerste aan die beurt! Die Kantoor vir Alumnibetrekkinge sal die gasheer wees tydens 'n onthaal in Kaapstad vir alumni – voor die fluitjie vir die afskop geblaas word.

> Kontak vir hscriba@sun.ac.za vir verdere inligting.

Maandag 8 Maart

Gholfdag: Maties vs UK Alumni

'n Gholfdag vir Maties- en Ikeys-alumni vind voor die groot wedstryd by die Rondebosch-gholfklub plaas. Moenie dit misloop nie.

> Kontak vir hscriba@sun.ac.za vir verdere inligting.

Maandag 22 Maart

Maties vs Wits

Kom sluit by ons aan voor die wedstryd plaasvind vir 'n paneelbespreking by die Alumniklub tussen vooraanstaande alumni. Die belangrikheid van Varsity-sport sal bespreek word.

> Kontak vir Ferdi van Dyk by dfvandyk@sun.ac.za vir verdere inligting.

Februarie en November – spesifieke datums moet bevestig word

Oor-50 alumni-krieketwedstryd

In 2021 laat loop ons met die eerste Oor-50 alumni-krieketwedstryd.

> Wil jy deelneem? Kontak vir Hans Scriba by hscriba@sun.ac.za.

Oktober – spesifieke datums moet bevestig word

Jaarlikse Doc Craven-gholfdag

Die jaarlikse Doc Craven-gholfdag vind op die De Zalze-gholfbaan in Stellenbosch plaas.

> Kontak vir Ferdi van Dyk by dfvandyk@sun.ac.za vir verdere inligting.

Oktober – datum moet bevestig word

Ses-Aan-'n-Kant-toernooi

Die Krieketklub bied sy jaarlikse ses-aan-'n-kant-toernooi op die Coetzenburg-sportgronde in Stellenbosch aan.

> Kontak vir Ferdi van Dyk by dfvandyk@sun.ac.za vir meer inligting.



Jong wynmakers laat die kurk klap

Die Matie-alumni-netwerk is 'n geweldige netwerk. Daar is meer as 200 000 professionele kontakte met wie jy reeds een ding gemeen het ... Deur jou alumni-status kry jy toegang tot mense wat goeie bronne vir ingeligte onderhoude of bekendstellings kan wees; en dit is 'n waardevolle aanbod, skryf Darren Maree.

Die Afdeling Ontwikkeling en Alumni-betrekkinge is trots daarop om erkenning te gee aan Matiesalumni wat in verskeie bedrywe en lande werk. Gegewe ons geografiese ligging, ons akademiese konteks, ons Pinotage-aanspraak op roem en die bekendheid van ons legendariese kuiers, is wyn 'n integrerende deel van ons konteks, ekonomie, geskiedenis en sosiale onderbou.

Maar toe kom COVID-19, met die wynbedryf wat dit skynbaar, en natuurlik sonder eie toedoen, moes ontgeld. Daardeur het wynmakers, wynbemarkers, wynverspreiders en wynlandgoedeienaars gewis hoër opgeskuif wat ons lys van prioriteitsbedrywe betref. "All things wine | Wyn by alles" het daardeur die fokus van ons alumninetwerke geword.

In 2020 het ons die Maties-wynklub suksesvol na Duitsland, die Verenigde Koninkryk en Ierland uitgebrei. Hierdie wynklubs is verbind met ons Stellenbosse Maties-wynklub wat in die nuwe Alumniverwelkomingsentrum in Die Stal gehuisves word. Die doel? Om Maties geleenthede te bied om by verskeie wynmakers en wynlandgoedeienaars op die Stellenbosch-wynroete en ander wynproduserende streke in Suid-Afrika betrokke te raak.

Die Suid-Afrikaanse wynbedryf eis sy regmatige plek op in die wêreld van uitsoekwynproduksie, en die bedryf is jonger, meer innoverend en meer kreatief as ooit tevore. Onlangs het die tydskrif *Wineland* in 'n artikel getiteld "30 onder 30" die jong opkomende individue belig wat in die Suid-Afrikaanse wynarena opslae maak. In hierdie groep alleen is daar nie minder nie as 11 Maties wat trots in hul onderskeie rolle woeker, terwyl vele lofbetuigings en prestasies daarvan getuig.

Hulle passie word duidelik namate hierdie "vaklui van die druif" daarna streef om die Suid-Afrikaanse wynbedryf meer divers en inklusief te maak, met 'n energieke strewe na uiterste presisie en volhoubare produksie. **Met 'n glasie "Trots Suid-Afrikaanse wyn" in die hand laat ons graag die kollig val op die Maties wat oorgehaal is om hul stempel op die Suid-Afrikaanse wynbedryf af te druk.**

Klasmaats **Jenna Higgins** en **Kelsey Shungkung** onthou al twee dat die ou gesegde "Werk hard, speel hard" inderdaad die wynmaakproses vergestalt, en veral gedagtig aan die wynproepraktika, gevolg deur die laat aande in die kelder van die JH Neethling-gebou waar hulle hul eie wyn berei het.

"Ek is tans die assistentwynmaker by *Wellington Wines*, waar ek gedurig uitdagings aan myself stel en altyd daarop probeer verbeter en leer," sê Jenna.

Sy glo ook vas dat Suid-Afrika verantwoordelike alkoholgebruik moet bevorder. Kelsey beplan om haar toe te rus met soveel kelder- en proe-ervaring as wat sy kan, sodat sy innoverende en ingeligte besluite kan neem wat wynmaak betref.

"Deur deel te hê aan die *Cape Winemakers Guild Protégé*-program kon ek skouers skuur met en leer by van my grootste rolmodelle in die bedryf, en ek is werklik verheug om wyn te kan maak met dié reuse in die bedryf," sê Kelsey.

Natasha Pretorius, wat oorspronklik van Vanderbijlpark kom, erken sonder skaamte dat die Kaapse Wynlande haar hart totaal gesteel het. Sy het 'n MSc in Wynbiotegnologie en volop ervaring van harde werk, maar daar word gesê dat sy ook 'n swak vir Maandae se rugbywedstryde het, waar sy haar graag in die studentegees verbly.

"My doel is om in die nabye toekoms 'n lid van die Kaapse Wynmakersgilde te word," sê Natasha, en as die huidige wynmaker by *GlenWood Vineyards* in Franschhoek, is sy ongetwyfeld op pad na die hoogste sport.

Rudger van Wyk sê sy broer het hom geïnspireer om in wynkunde te gaan studeer. As die wenner van die gesogte *Diners Club Young Winemaker of the Year*-toekenning van 2018 in sy hoedanigheid as Stark Condé se wynmaker en as die trotse skepper van sy eie wynetiket KaraTara, is daar geen twyfel dat Rudger wyn as sy lewenstyl omarm nie.

"My passie is om 'n mentor vir jonger geslagte te wees. Hulle moet aangemoedig word om altyd nuuskierig te wees en toe te laat dat hul passies hulle lei," sê Rudger.

Natasha Williams en **Lieza van der Merwe** het twee totaal verskillende bekendstellings aan wyn gehad; hul passie en liefde vir Suid-Afrikaanse wyn maak hulle egter voëls van eenderse vere. Natasha het in die Boland grootgeword en het vir 'n BSc in Molekulêre Biologie en Biotegnologie ingeskryf, maar in haar tweede jaar na wynkunde oorgeskakel. Sy is die trotse skepper en eienaar van haar eie wynetiket, *Lelie van Saron*, en erken dat om tot wynmaker by die *Bosman Family Vineyards* bevorder te word een van haar topprestasies tot dusver is.

"Ek glo vas dat Suid-Afrika se uitsoekwyne aan internasionale gehaltestandaarde voldoen. Ons bedryf het 'n werklik blink toekoms wat voorlê, veral met al ons innoverende wynmakers wat die grense van wynmaak voortdurend verskuif."

Lieza, daarenteen, het van jongs af 'n natuurlike aanvoeling vir wynmaak gehad – haar gesin woon al sewe geslagte lank op die Merwida-wynlandgoed. Sy stem saam dat die Suid-Afrikaanse wynbedryf oor die potensiaal vir grootsheid beskik: "Ons moet fokus op gesonde, volhoubare wynbou, met die klem op sosiale verantwoordelikheid en etiese handel."

Lieza beplan om haar *Cape Wine Master*-kwalifikasie in 2021 te voltooi terwyl sy as fasiliteitsbestuurder by die splinternuwe Huis te Merwede-proelokaal op Merwida werk. Volgens oorlewering is die Van der Merwe-familie afkomstig uit die streek Dordrecht in Nederland waar hul voorouers 'n kasteel langs die Merwederivier besit het. Huis te Merwede, ook bekend as die Kasteel te Merwe, was 'n Middeleeuse kasteel wat tussen 1307 en 1335 gebou is. Dit is in werklikheid een van die oudste kasteelruïnes in Nederland met slegs 'n 14de-eeuse toring wat staande gebly het. Kom ons kyk hoe Lieza in die toekoms hierdie nuwe kasteel gaan bou.

Megan van der Merwe, die huidige wynmaker en wingerdboukundige by Beau Constantia, sê sy is ongelooflik trots op die 94 punte wat sy vir haar eerste oesjaar van die Pierre 2019 Sauvignon blanc/Semillon-versnit ontvang het. "Ek wil 'n vervullende en betekenisvolle loopbaan hê, met 'n onwrikbare strewe na die uiteindelike balans wat wynmaak betref."

Megan glo dat die Suid-Afrikaanse wynbedryf jong denkleiers in die middelpunt van verandering moet hou ten einde transformasiestrukture te ondersteun wat die groter doel van ons jong demokrasie voor oë het. Sy meen dat samewerking en konsolidasie die sleutel tot sukses is. Haar raad aan enige jong student is om vroeër eerder as later aan hul loopbaan te begin werk en nie toe te laat dat mense hul intimideer nie.

Delaille Raubenheimer en **Nina Keyser** roep goeie herinneringe op van tye toe hulle vriende raakgeloop het op pad klas toe onder die groen blaargewelf van die bome langs Victoriastraat. Delaille, wat in Johannesburg gebore is, sê dat sy met gelukkige toeval vir prof Wessel du Toit ontmoet het, wat haar van die BSc in Wingerd- en Wynkunde vertel het. Met drie plaaslike en vier internasionale oeste op haar kerfstok is dit geen wonder dat sy haar met passie in die internasionale wynwêreld ingewortel het nie. Delaille werk tans vir 'n wynbemarkings- en reklameagentskap in die Verenigde Koninkryk en beplan om haar WSET-diploma te voltooi.

Nina het in Somerset-Wes grootgeword en van kleins af geweet dat sy 'n loopbaan in die wynbedryf sou hê. Met 'n skerp oog en passie vir die krag van sosiale media, het Nina haar eie wyngeïnspireerde reisblog *Wine and Wonderlust* geskep waarin sy die netwerk-, bemarkings- en leerpotensiaal van 'n aktiewe aanlyn teenwoordigheid beklemtoon.
"Ek glo dat dit van die uiterste belang is om ander vakke en kennisvelde te kombineer om jou loopbaan te bevorder, en dat jy met 'n bietjie passie en harde werk maklik daarin kan slaag om wyn jou paspoort tot die wêreld te maak."

Wat wynproe betref is dit 'n troetelgrief van sowel Delaille as Nina indien 'n wyn nie teen die regte temperatuur bedien word nie – dit is soos om in jou rugbybroek by 'n huisdans op te daag.

Met 'n diepgewortelde liefde vir die natuur en 'n vurige belangstelling in die kreatiewe en kulturele aspekte van wyn, is dit geen wonder dat **Morgan Steyn** hom as wynmaker bewys het nie.

"Ek sien myself gewoon as 'n rolmodel vir ander. Ek probeer terugploeg in die wyngemeenskap waar ek my kennis, tyd en talent kan deel," sê Morgan. Hy maak tans wyn by De Grendel en dien ook as wynbeoordelaar op verskillende proepanele. Met 'n diep begrip van en liefde vir Suid-Afrikaanse wyn, is Morgan daartoe verbind om plaaslike wyn van topgehalte te produseer.

Die gebore Pretorianer, **Karlin Nel**, het na die Wes-Kaap verhuis toe sy agt jaar oud was. Sy het haar ouers op 'n baie jong ouderdom meegedeel dat sy 'n wynmaker gaan word. 'n Paar Varsitybeker-wedstryde, wynuitstappies en internasionale proegeleenthede later, ná 'n tydperk van studie, en deur te tref of te fouteer, is Karlin op die jong ouderdom van 26 as keldermeester by die Vrede en Lust-wynlandgoed aangestel.

"Jou enigste manier om sukses te behaal, is deur jou passie van jongs af aan te kweek en te leer verstaan dat saamwerk met ander die beste manier is om jou doelwitte te bereik."

Ons kan gerus wees in die wete dat die Suid-Afrikaanse wynbedryf in die bekwame hande van geliefde Matie-alumni is. Passie, harde werk, innovasie en nederigheid is die kwaliteitstempel van ons Maties wat in die wynbedryf werk, en met hierdie jong individue aan die stuur van so 'n belangrike Suid-Afrikaanse bedryf, kan ons verseker wees dat ons binnekort die hoogste sport in die wêreldwye wynarena sal beklee.

"Wyn beur die weemoediges op, blaas lewe in oumense, vuur die jonges aan, laat tam siele hul geswoeg vergeet," skryf die Engelse digter Lord Byron. Wel, gesondheid op die jongmense, die "Matie onder 30" wynmakers, wat die wynwêreld aan hul voete het!

Julie - spesifieke datum sal bevestig word

Forum vir wynmaker-alumni

In 2021 begin ons 'n amptelike forum vir wynmaker-alumni! Hierdie forum sal dien as 'n platform waar wynmaker-alumni met mekaar kan skakel en met huidige studente in gesprek kan tree ter bevordering van die Suid-Afrikaanse wynbedryf.

Donderdag 23 September

Maties-wynbedryf netwerkgeleentheid

Ons bied 'n netwerkgeleentheid aan in samewerking met die Departement Wingerd- en Wynkunde tydens die Universiteit se Tuiskomsnaweek. Hierdie geleentheid is vir huidige en voornemende studente wat belangstel om in die SA wynbedryf te werk. Daar sal ook 'n tentoonstelling wees van die verskillende fasiliteite van die Departement.

Vrydag 24 September

Tuiskoms Maties Pik-'n-Wyntjie

Kom proe 'n verskeidenheid wyne van verskillende wynlandgoedere by ons Alumniklub. Dit is jou kans om met 'n groep wynmaker-alumni te gesels en van die beste wyne wat beskikbaar is, te proe. Dis die ideale okkasie om jou wynkennis te slyp of jou fynproewerpalet met ander te deel.

Of jy jouself in Londen, Ierland, Duitsland, België, Nederland, Luxemburg, Switserland, Denemarke of Noorweë bevind ... Ons bied deur die jaar aanlyn wynproe-geleenthede aan in samewerking met verskillende wynlandgoedere.

> Vir meer inligting, kontak vir Darren Maree by alumniwine@sun.ac.za of +27 76 717 5077.

36048
MOVE
4MATTIES
ROCKSHOX

EWEKNIE-FONDSWERWING

VRYWILLIGERS

matiesconnect.com

> As jy hulp of meer inligting benodig, kan jy ons gerus laat weet. Kontak Siya Ndlovu by ndlovus@sun.ac.za of 021 808 4456 vir alle navrae oor fondse en aanlyn fondswerwing.

Raak betrokke!

Het jy al gehoor van selfdoen-fondswerwing? Hierdie manier van fondswerwing bemagtig ons gemeenskap van alumni en ondersteuners om geld vir verskillende projekte van die Universiteit Stellenbosch in te samel. Dis basies 'n persoonlike fondswerwingspoging wat jy op enige tydstip kan aanpak.

In 2020 het alumnus, Sven Weidner, 'n staproete onderneem wat oor 'n afstand van 100 kilometer gestrek het om fondse in te samel vir die VK/EU-beursfonds van die Universiteit Stellenbosch.

Vervolgens is daar ons #Train4Fees-veldtog om fondse in te samel vir student-atlete wat hul finansiële steun verloor het weens die impak van COVID-19. Meer as 100 ondersteuners het ingeskryf – draf, stap en selfs skaatsplank ry. Meer as 60 000 km is afgelê! Ons het 481 donasies ontvang en uiteindelik meer as R1,8 miljoen ingesamel om 44 student-atlete by te staan.

In 2019 is 'n fondsinsameling-jazzkonsert in Zomergem in België gehou. Sowat 70 mense het dit bygewoon, meestal inwoners, met die opbrengs wat ons #Move4Food-veldtog stukrag gegee het.

In September 2018 het alumnus, Folkers Tulkki-Williams, 'n solo-stap dwarsdeur die lengte van Estland gedoen, ook ter ondersteuning van #Move4Food – 375 kilometer in totaal! Ons het sy reis op Instagram en Facebook gevolg, gefassineer deur sy daaglikse regstreekse sendings terwyl hy hierdie juweel van Oos-Europa deurkruis. Fondse is ingesamel op die GivenGain-platform, wat ons Folkers met die opstel mee gehelp het – altesaam R10 000 is ingevorder!

Laat ons gerus weet as jy deel van 'n fondswerwingsinisiatief wil wees. Ons sal jou dan 'n stapsgewyse gids stuur oor hoe om 'n veldtog op die been te bring – en jou ook touwys maak oor jou fondswerwingsblad.

Datum moet nog bevestig word

Kaapstad-fietstoer

Sluit by ons aan vir die 2021 Kaapstad-fietstoer waar US-alumni en vriende gaan fietsry en fondse ter ondersteuning van die #Move4Food-veldtog insamel. Geniet die pret en kameraadskap met ons spesiale uitgawe #Move4Food fietsry T-hemp, gasvryheid na afloop van die geleentheid, en die kans om saam met die rektor, prof Wim de Villiers, te ry.

Sondag 13 Junie 2021

2021 Comrades

Dit staan as die *Ultimate Human Race* bekend, en jy kan nie jou lys as ikonies beskou as een van die oudste marathons – wat in 1921 ontstaan het – nie daarop is nie. Meld aan vir die ikoniese Comrades-wedloop, waar ons #Move4Food-atlete grense sal verskuif om hul vir die saak te beywer – sal jy saam met hulle geld vir jou alma mater insamel?

Die Comrades vir 2021 begin om 05:30 by die Pietermaritzburg-stadsaal en eindig 12 uur later in die Moses Mabhida-stadion in Durban. Dit is die 95ste keer wat hierdie wedloop plaasvind en die 47ste *Down Run*.

Saterdag 16 Oktober en Sondag 17 Oktober 2021

2021 Sanlan Kaapstad-marathon

Die Sanlam Kaapstad-marathon is Afrika se enigste Internasionale Amateur Atletiek Federasie statusmaraton vir Goue toekennings. Dit word bestuur deur 'n vennootskap tussen WPA, die Stad Kaapstad en *ASEM Running* en word onderskryf deur twee van Suid-Afrika se sportgrotes, alumna Elana Meyer en Francois Pienaar.
Ons nooi ons personeel, studente, alumni en vriende uit om iets spesiaals te doen om ons Maties te help om hul akademiese wedloop te wen.

Sondag 17 Oktober tot Sondag 24 Oktober 2021

Absa Cape Epic

Die Absa Cape Epic is ongetwyfeld die voorste bergfietsbyeenkoms ter wêreld. Topryers van regoor die wêreld ding mee oor 8 dae, 655 kilometer en 15 550 meter se vertikale klim: ruige berg-dubbelspore en rotsagtige enkelroetes deur ongerepte fynbos, sanderige plaaspad tussen versorgde boorde, hardekoejawel afdraande op oeroue bergreekse... Bied jou ondersteuning aan die US-alumni-span wat aan die Absa Cape Epic in 2021 deelneem. Sluit by hulle aan langs een van die asemrowende roetes en moedig ons #Move4Food-kampioene aan.

Ondersteun hierdie veldtog om studentehonger op ons kampusse te beëindig deur 'n skenking te maak.

2021 Hippocampus-toer

Die Hippocampus-toer is 'n 8-dae-fietstoer deur 'n span studente van ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe wat landwyd fietsry om fondse in te samel vir hul mede-studente in finansiële nood.

> Besoek http://hippocampusteam.co.za/ vir meer inligting oor die Hippocampus-span en die Nkululeko-fonds.

Sondag 14 November en Sondag 21 November 2021

947 Ride Joburg

Is jy gereed vir 'n uitdaging? Kry dan jou mede-Maties bymekaar, skryf in vir die 947 Ride Joburg-fietswedrenne in 2021 én werf fondse vir 'n verdienstelike saak. Jy kan kies om fondse in te samel vir studente in finansiële nood, om 'n bestaande beursfonds te versterk of ons # Move4Food-veldtog te ondersteun, dit hang van jou af. Of jy nou kies om deur die stadstrate van Johannesburg te ry of 'n netwerk van bergfietsroetes aan te pak — die Alumnikantoor sal daar wees om jou te ondersteun!

> As jy betrokke wil raak, besoek https://ridejoburg.co.za/ en kontak vir Siya Ndlovu by ndlovus@sun.ac.za of +27 21 808 4456 vir meer inligting.

Loopbaankafee

Die Loopbaankafee is 'n reeks van 20 minute TEDTalk-styl-geleenthede waar inspirerende alumni hul lewens- en loopbaanreise met huidige studente deel. Die praatjie word gevolg deur 'n vraag-en-antwoord-sessie waar studente direk met die aanbieder kan kommunikeer. Die kafees word spesifiek oor 'n etensuur geskeduleer om studente in universiteitskoshuise en diegene wat na die kampus pendel, toe te laat om die gesprekke op 'n beskikbare tyd by te woon.

Die doel van die Loopbaankafee is tweeledig omdat dit daarop gemik is om studente te help voorberei vir hul toekomstige loopbane deur gebruik te maak van die waardevolle wenke en leiding wat ons alumni-aanbieders bied. Terselfdertyd, bied die Loopbaankafee ons alumni die geleentheid om met hul alma mater te skakel deur hul tyd en talente te deel sodat huidige studente insig oor die beroepswêreld verkry – asook te praat oor aktuele kwessies en uitdagings wat gegradueerdes in die werkplek mag ondervind.

> Ons bied een Loopbaankafee per kwartaal aan. As jy jou loopbaanreis in 2021 met ons senior studente wil deel, of as jy hierdie geleenthede wil borg, kontak vir Marvin Koopman by marvin@sun.ac.za.

Hoe Om Te Gee

Jy kan die volgende generasie studente help om suksesvol te wees deur 'n skenking aan jou alma mater te maak. Daar is verskeie maniere waarop jy 'n bydrae kan maak tot verskillende projekte en beurse van die Universiteit Stellenbosch.

AANLYN

Die US het 'n maklike aanlyn-skenkingsplatform wat jy kan gebruik om 'n bydrae te maak. Besoek hierdie webblad:
https://web-apps.sun.ac.za/donor-contribution-gift/#/home

SNAPSCAN

Skandeer die QR-kode met jou foon om 'n bydrae aan 'n mede-Matie te maak. Donasies wat ons deur SnapScan ontvang gaan aan ons Maties4Maties-beursfonds. 18A belasting sertifikate word op aanvraag uitgereik.

BELASTINGVOORDELE

Individuele en korporatiewe skenkers van die Universiteit Stellenbosch ontvang belastingvoordele ingevolge Suid Afrikaanse belastingwette. Die Verenigde State en Verenigde Koninkryk bied ook moontlikhede vir belastingvriendelike skenkings aan die Universiteit. Die volle randbedrag van 'n erflating kan boonop afgetrek word om netto boedelbelasting te verlaag.

> Kontak vir Hugo Steyn by +27 21 808 3615 of hugos@sun.ac.za.

SOORTE STEUN

Jy bepaal wanneer en hoe jou skenking aan die Universiteit gebruik behoort te word. Jy kan dit vir huidige projekte bestem, of dit laat belê om 'n blywende nalatenskap vir toekomstige geslagte te voorsien. Skenkings vir lopende gebruik gaan aan die akademiese inisiatief, strategiese oogmerk, navorsingsprogram, fakulteit, studentekoshuis of vereniging van jou keuse.

Skenkingsfondse ("endowments") word permanent belê om 'n blywende hulpbron te skep wat aanhou groei. Die fonds kan in jou naam of ter ere of nagedagtenis van iemand anders gestig word.

MYSCHOOL

Gebruik jou MySchool-kaart wanneer jy inkopies doen by enige van verskeie deelnemende kleinhandelaars landwyd en 'n persentasie van jou aankope sal aan die US geskenk word.

KONTAK

Alumni in die buiteland? Besoek ons webwerf by http://www.sun.ac.za/english/donors/ways-to-give of kontak ons by alumni@sun.ac.za as hierdie opsies nie vir jou werk nie.

ALUMNIBETREKKINGE
HK-KONTAKBESONDERHEDE 2021

Aristea	**Marga Wevell**	**22316159@sun.ac.za**
Aurora	**Ewin Michaels**	**21855617@sun.ac.za**
Capri	**Adriaan de Jonge**	**21950458@sun.ac.za**
	Christiaan Beukes	**22908404@sun.ac.za**
Dagbreek	**JD West**	**22620435@sun.ac.za**
Eendrag	**JT Cronje**	**21570566@sun.ac.za**
Equité	**Tayla Fourie**	**20698631@sun.ac.za**
Erica	**KD Sass**	**23770562@sun.ac.za**
Harmonie	**Jessica Hillier**	**22565590@sun.ac.za**
Heemstede	**Zanne Cronje**	**21626235@sun.ac.za**
Helderberg	**Corne de Villiers**	**22038779@sun.ac.za**
Helshoogte	**Hugo Kirchner**	**20934599@sun.ac.za**
Hippokrates	**Duduetsang Thlomelang**	**22600760@sun.ac.za**
Huis Francie van Zijl	**Thandie Sibanda**	**21695318@sun.ac.za**
Huis Kerkenberg (eNkanyini Residence)	**Valeriia van der Westhuizen**	**21567875@sun.ac.za**
Huis Marais	**Jaco Joubert**	**22932364@sun.ac.za**
Huis ten Bosch	**Lynn Grant**	**22599797@sun.ac.za**
Huis Visser	**Liaan van Staden**	**21554161@sun.ac.za**
Huis Neethling	**Ricky Nwagbara**	**20419589@sun.ac.za**
Irene	**Pauli Brown**	**22933360@sun.ac.za**
Lydia	**Liza Burger**	**22565663@sun.ac.za**
Majuba	**Jean van der Walt**	**22543716@sun.ac.za**
Meerhoff	**Mieneke Dempers**	**22623507@sun.ac.za**
Metanoia	**Nthatisi Mota**	**22742921@sun.ac.za**
Minerva	**Kara van Zyl**	**22860312@sun.ac.za**
Monica	**Bianca Naidoo**	**23943904@sun.ac.za**
Nemesia	**Suzanne Prins**	**22715215@sun.ac.za**
Nerina	**Louise Buhrmann**	**22685944@sun.ac.za**
Olympus	**Riaan Pretorius**	**22558632@sun.ac.za**
Osler	**Marc Jonathan Nathanson**	**22548521@sun.ac.za**
Pieke	**Chris Jansen van Vuuren**	**21640769@sun.ac.za**
Serruria	**Sasha-Leigh Naicker**	**22548815@sun.ac.za**
Silene	**Palesa Nhlapo**	**22605142@sun.ac.za**
Simonsberg	**Hanno Erwee**	**21669767@sun.ac.za**
Sonop	**Jessica McCallum**	**22626212@sun.ac.za**
TSR	**Nikita Heneke**	**20843690@sun.ac.za**
Venustia	**Micarla Seymour**	**23141611@sun.ac.za**
Vesta	**Dawid Oosthuizen**	**22552359@sun.ac.za**
Wilgenhof	**Gerard de le Bat**	**22806849@sun.ac.za**

Dr Ronel Retief,
Registrateur

Tot jou diens

Die doel van die Universiteit Stellenbosch se Kontak- en Kliëntedienssentrum is om 'n eenstopdiens te lewer vir alle navrae wat die Universiteit bereik en, waar dit nodig is, navrae na die korrekte persoon of verantwoordelikheidsentrum by die Universiteit te verwys. Die Sentrum streef daarna om die Universiteit, sy studente, hulle ouers en die publiek van wêreldklasdiens en -steun te voorsien.

Die Kontak- en Kliëntedienssentrum is in September 2009 in die Registrateursafdeling tot stand gebring. Die doel was om deur middel van 'n oproepsentrum 'n "elektroniese voordeur" vir die Universiteit te skep, en om dit teen Januarie 2010 in bedryf te stel. Die Sentrum het hoofsaaklik op navrae van voornemende studente sowel as registrasienavrae van sowel nuwe as huidige studente gekonsentreer. Nietemin was dit gou duidelik dat die Sentrum inderwaarheid 'n veel aktiewer rol kan vervul om alle inkomende oproepe te hanteer. So het dit gekom dat die Universiteit se skakelbord net voor 12:00 op 24 Desember 2009 sy laaste oproep beantwoord het.

Die eerste oproepe is in Januarie 2010 deur vyf konsultante hanteer, wat in daardie eerste maand alleen 23 931 telefoonoproepe beantwoord het. Teen Januarie 2015 het die oproepsentrum in die huidige Kontak- en Kliëntedienssentrum ontwikkel. 'n Dekade later en met 'n personeelkorps van 11 kliëntedienskonsultante is die Sentrum deesdae 'n volwaardige "voordeur" vir die Universiteit, wat sowel interne as eksterne kliënte met telefoniese, e-pos-, sosialemedia- en instapnavrae bystaan.

Die Sentrum hanteer meer as 200 000 kontakte per jaar, wat uit ongeveer 120 000 foonoproepe en 80 000 e-posse bestaan. Sowat 70% van alle navrae is van voornemende studente en hulle ouers. Hierdie navrae handel in die meeste gevalle oor die inskrywingsiklus of die aansoekers self en strek van die aansoek- en toelatingstydperk tot registrasie. Namate sluitingsdatums vir studie-, huisvestings- en beursaansoeke naderkom, neem navrae gewoonlik skerp toe. In krisistye, soos met die COVID-19-pandemie of die brand by Huis ten Bosch, is die druk ook hoog en is konsultante dikwels aan die ontvangkant van belanghebbendes se angs en frustrasie.

Dit is 'n dinamiese en immer veranderende omgewing. Konsultante moet flink dink en op hoogte wees van elke aspek van die Universiteit. Google is hulle beste vriend.

Uitmuntende kliëntediens gebeur nie per ongeluk nie. Dit verg harde werk en beplanning. Die Kliëntediensspan van die Universiteit Stellenbosch streef dus voortdurend daarna om alle kliënte 'n transformerende ervaring in plaas van 'n blote transaksionele interaksie te bied.

KONTAK
Tel: +27 21 808 9111
Faks: +27 21 808 3822
E-pos: info@sun.ac.za
Privaatsak X1
Matieland, 7602
Suid-Afrika

Notas

NOTAS

Notas

NOTAS

Kom terug na Matieland

ALTYD 'N | ALWAYS A | NJALO YI

MATIE